HOOFSTUK III.

EIEGOED.

By die verhuising van 'n volk naar 'n nuwe vaderland, wat in bodemsgesteldheid en klimaat, in plantegroei en dierewêreld, en gevolgelik ook in bedryf en lewenswyse soveel verskil van die stamland, sal die oorgeërfde woordvoorraad al heel selde voldoende wees om in al die nuwe taalbehoeftes te voorsien. Ek kan my voorstel, dat die eerste immigrante in 'n nuwe vaderland hulle in die begin soveel moontlik sal behelp met die bestaande en bekende woordeskat by die naamgewing aan alles, wat nuut en vreemd is. Maar sodra hulle begin met die onderwerping van die natuur, met die stryd teen wilde diere, en met die stryd om die bestaan op die nuwe bodem, en sodra hulle in aanraking kom met ander volke, veral met outogtone, dan sal die ontoereikendheid van die oorgeërfde taalskat gevoel word, en dan moet eie vernuf en verbeelding, eie opmerkingsvermoë en skeppingsdrang in die nuwe behoeftes voorsien. So moet uit 'n studie van die Afrik. woordeskat ook blyk die afsondering en isolering van die Afrik. stamouers, sowel as hulle akklimatisering, oriëntering en aanpassing in die nuwe vaderland. Naarmate die bande met die stamboom losgemaak word, sal die inlêërloot eie wortels in die bodem moet slaan, en as die laaste verbindingsdrade met geweld deurgehaak word, dan moet die nuwe boompie sy eie selfstandige lewe begin. So het ek my in beeld die ontwikkelingsgang van die Afrik. taal voorgestel. Vir 'n eeu en 'n half was die Afrik. volk so'n inlêërloot van die Dietse stam, en toe het storme die loot van die stam af losgeskeur, en laat uitgroei tot iets selfstandigs. Dat die Afrik. volk en taal baie van die Dietse stam oorgeërf het, is uit die voorgaande hoofstuk voldoende geblyk, maar "'n jong volk leef vorentoe". So'n jong volk kan nie presies op dieselfde intellektuele ont-

wikkelingstrap of kultuurstadium, as wat die stamvolk reeds bereik het, begin nie, maar met die skeppings- en dadedrang en die geestelike groeikrag van 'n kind bereik dit in 'n jaar die resultate, wat die ou kultuurvolke met 'n verslyting van desenniums van hulle lewenskragte moes voorberei. By die behandeling van die Afrik. *eiegoed* op taalgebied het ek dan ook in hoofsaak rekening gehou met twee hoofbeginsels n. l. die aansluiting van die nuwe by die bestaande woordvoorraad, en die verband tussen die nuwe woorde en die nuwe vaderland en lewenswyse.

---

§ 1. Betekenisverandering.

Hoe moet ons Afrik. woorde beskou, wat 'n betekenisverandering teenoor hulle Ndl. ekwiwalente vertoon? Die woorde self is dan tog wel uit Ndl. oorgeërf, en die betekenisverandering is in Ndl. miskien, en in sommige gevalle heel waarskynlik, al in kiem aanwesig gewees. Maar aan die ander kant vertoon die Afrik. betekenisontwikkeling tog ook weer 'n nuwe betekenisinhoud of toepassing, 'n nuwe gebruiksfeer of gevoelswaarde. Ons moet dus in sulke gevalle van betekenisverandering 'n selfstandige voortbouing op die basis van die erfgoed sien. Sulke woorde met veranderde betekenis vorm m. i. dus 'n skakel tussen die *erfgoed* en die *eiegoed*. Dit lê nie in my bedoeling om die taalpsigologiese faktore en verskynsels van die Semantiek te ondersoek nie, want dit is reeds gedaan deur taalgeleerdes soos DARMESTETER, BRÉAL, BRADLEY, WUNDT, PAUL, WAAG, ERDMANN, VAN HELTEN e. a. [1]).

Tog kan 'n studie soos hierdie ook miskien enige lig werp op semasiologiese verskynsels, en wel omdat (1) 'n vergelyking tussen die betekenisinhoud van die *erfgoed* en van die *eiegoed* vergemaklik word deur die laat geboorte van Afrik., sodat ons die oue en die nuwe betekenisinhoud nog naas mekaar in gebruik vind; (2) kan ons nog betrekkelik goed die *oorsake van verskil*, soos historiese gebeurtenisse, aanraking met ander volke en aanpassing by die milieu in die wydste sin, nagaan, en (3) vergemakkelik die hierbo genoemde omstandighede die ondersoek naar die oorsake van allerlei *grade van betekenisverskil*,

[1]) Vgl. literatuuropgawe by (*a*) PAUL — "Prinz," (blds. 74—5) en (*b*) DE VOOYS — "De psychologiese beschouwing van de betekenisverandering" (N. T. I blds. 20).

soos verruiming of beperking, veredeling of verslegting van betekenis ens.

Ons het in die voorgaande hoofstuk reeds 'n groot aantal woorde behandel, wat 'n ander betekenis of toepassing het in Afrik. as hulle ekwiwalente in Ndl. b. v. *sarsie*, *meerkat*, *kiepersol*, *kapok*, *laksman*, *papkuil*, e. a. Daar was dit 'n kwessie om te konstateer of die woorde self oor geërf kan wees of nie; hier moet vasgestel word watter betekenisverskil sulke oorgeërfde woorde in Afrik. ontwikkel het. Die kiem van die nuwe Afrik. betekenisontwikkeling van 'n bepaalde woord kan miskien al in Ndl. of in een of ander Ndl. dialek opgesluit gelê het, en dit is selfs moontlik, dat dit ons alleen deur gebrek aan gegewens onbekend is, dat verskillende woorde al in die 17e eeuse volkstaal hulle hedendaagse Afrik. betekenisse gehad het.

Die nouste aansluiting by die erfgoed vertoon m. i. die name van verskillende plante en diere, name wat in Suid-Afrika deur komparatiewe oordrag toegepas is op plante- en dieresoorte wat enige, soms heel weinig, ooreenkoms vertoon met hulle naamgenote in die stamland van die Afrik. voorouers. So is die volgende volksname vir plante in Suid-Afrika en in Nederland bekend vir verskillende plantesoorte: *Katstert*, *katdoring*, *vrouehaar*, *varkblom*, *slangkop*, *slangwortel*, *spaansgras*, *saadgras*, *baardgras*, *kweekgras*, *litjiesgras*, *hanekam*, *melkblom*, *botterblom*, *kankerblom*, *nieswortel*, *duiwelskruid*, *kruidjie-roer-my-nie*(*t*), *vingerhoed*, *leeubekkie*, *bewertjies*, *boereboontjies*, *gousblom*, *motkruid*, *maerman*, *vieruurtjies*, *afrikanertjies*, *kattekruid*, *sewejaartjies* e.a.[1]).

Schonken het verskillende van hierdie plantname in drie klasse verdeel naar gelang van die oorweginge of (a) hulle oud- of dialekties- Holl. is, (b) of hulle deur oordrag van toepassing hulle bepaalde betekenis gekry het en (c) of hulle naar analogie gevorm is. Hierdie groepering kan ek egter nie handhaaf nie, daar ek al hierdie name in

---

[1]) Die meeste reeds in die Ndl. Wdbk. Verskillende van hierdie plantname is reeds by Schonken ("Oorspr. d. K.-H. Volksoverl." bldss. 124—127) te vind. Ek het behalwe die werk van Schonken en die deur hom gebruikte „Wdbk. d. Ndl. volksnamen v. planten" van Heukels, ook nog geraadpleeg die "Voorl. Lijst v. Ndl. volksnamen v. planten", en vir Suid-Afrika: Marloth — "The Common Names of Plants", en Pettman — „Africanderisms".

die Ndl. dialekte gevind het, sodat almal dialekties is. Die feit, dat hierdie name almal in die Ndl. volkstaal te vind is sowel as in Afrik., en dat hulle in Ndl. en in Suid-Afrika op verskillende plantesoorte toegepas word, maak dit waarskynlik, dat almal oud is en dat almal op oordrag van betekenis berus. En solang as ons nie meer weet van die 17e eeuse, sowel es van die hedendaagse, volksname van plante nie, lyk dit my 'n bietjie gewaagd om te sê, dat b. v. die Afrik. *varkblom* (Arum) gevorm is naar analogie van die Ndl. *varkensbloem* (soort iris, vgl. SCHONKEN t. a. p.). Maar aan die ander kant moet ook op hierdie gebied die baanbrekende werk van SCHONKEN met dank erken word.

Oor enkele van hierdie name 'n paar opmerkings. Vir Dr. P. J. DU TOIT se verklaring van die oordrag van die woord *kapok* in Afrik. is miskien nog iets te sê (vgl. "Afrik. Studies", blds. 70—71), maar sy verklaring van 'n blomnaam soos *vieruurtjies* (blds. 45) moet as een van die flagrantste argumente vir die Mal.-Port. teorie beskou word. Nes in die geval van *boet(ie)* sou 'n studie van die Ndl. dialekte Dr. BOSMAN hier 'n hele argumentering bespaar het (vgl. "Afrik. en Mal.-Port.", blds. 70).[1] So kan ek ook nie met die heer J. J. LE ROUX die volgende plantname as. Afrik. produksies beskou nie; *afrikanertjies*,[2] *sewejaartjie*, *varkblom*, *snotblommetjie*, *sterretjie*, *katstert*, *kiesieblaar*, *melkbossie*, *slangbossie*, *suikerbossie*, *litjieskweek* e. a. (vgl. "Handleiding", blds. 79—80).

Uit die woordelyste deur MNR. VON WIELLIGH versamel (vgl. o a. "Huisgenoot" van Aug. 1921, blds. 144 vgg.) kan ek nog verskillende plantname opnoem, wat ook in Ndl. bekend is, b.v. *aandblommetjie*, *papierblom*, *katdoring*, *wonderboom*, *papkuil* e. a.

Ons vind in Ndl. en in Afrik. dieselfde taalverskynsels op hierdie gebied n.l. dat dieselfde volksnaam op verskillende plante toegepas word en omgekeerd dat verskillende volksname op dieselfde plantsoort toegepas word. Waar dit vandag die geval is, en dit sal vroeër tog seker nie anders gewees het nie, daar was die aanleiding vir die toepassing van bekende plantname op nuwe plantsoorte

[1] Die naam *vieruurtjies* is o. a. nog in Vl. bekend (vgl. J. VERCOULLIE in "Tijdschr." XXXVIII 305).

[2] Die naam *afrikanertjie* is ouer as die Ndl. Kolonisasie van Suid-Afrika (vgl. Ndl. Wdbk. I 1290).

in die nuwe vaderland onmiddellik aanwesig. Van 'n taalpsigologiese oogpunt beskou is die beginsel van betekenisverandering of oordrag van toepassing in al sulke gevalle dieselfde, hoewel in party gevalle die plante self nouer en in ander gevalle minder ooreenkoms vertoon.

Dieselfde geld, "mutatis mutandis", ook van verskillende dierename soos: *wolf, jakhals, meerkat, tier, eland, steenbok, kameel, kiewiet, donderpadda, oorkruiper, naaldekoker, perdeby, das, hartbees* e.a. Die meeste van hierdie dierename is algemeen bekend in Ndl., enkele is dialekties of verouderd soos: *donderpadda, oorkruiper, naaldekoker, perdeby* ens. In al hierdie gevalle kan gekonstateer word, dat die Afrik. dier, diertjie of voël van sy Ndl. naamdraer verskil. Die onderskeid tussen die Ndl. *hertebeest* en die Afrik. *hartbees* is al groot genoeg, maar die Ndl. *meerkat* is 'n soort aap, terwyl "onze *mierkat* (ook *meerkat*) in ieder geval meer gelijkenis met een kat dan met een aap heeft" (SCHONKEN, blds. 126), en die Afrik. *kameel* is 'n *giraf!*

In dieselfde gees van komparatiewe oordrag van toepassing by die naamgewing het Afrik. selfstandig voortgebou, soos blyk uit die volgende plantname, *kiepersolboom, sambreelboom, bobbejaanoor* e.a., en uit dierename soos *fiskaal, laksman* e.a. Resultate van betekenisverandering ten gevolge van komparatiewe oordrag sien ons ook in allerlei benaminge soos: *aapstert* (sambok), *bobbejaanbout* (geweer), *kakebeenwa, wildebees, wildehoender, pampoentjies* en *kalbassies* (siekteverskynsels), *winkelhaak, swawelstert, halfmaantjie, jukskeikerf* (merke aan die ore van vee) ens.

Nouverwant met die komparatiewe is die notale oordrag van betekenis, van die kenmerk op die gekenmerkte, soos *Rooinek, Rooibaadjie* of *Kakie* (almal benaminge vir 'n Engelsman), of *rooibaadjie* (weeluis), *witband* (regeringsondersteuner tydens die opstand van 1914-15) ens., en verder die kousale oordrag van betekenis, van die bron op die daaruit herkomstige, soos *rooitaal* (taal van die *Rooinek*), *dam* (water wat deur 'n damwal teëgehou en opgevang word, in Ndl. die damwal self) ens. Uit die betekenisontwikkeling van so'n woord as *dam* blyk ten duidelikste die verskil van bodem ens. tussen die stamland en die nuwe vaderland, as ook die verskil van belangstelling van die spraakmakende gemeente teenoor die bodemsgesteldheid. In die waterryke stamland het die Afrik. stamouers belang gehad in die dyke en damme, wat

die land teen oorstrominge moes beskerm; in die Suid-Afrikaanse droogland was die belangstelling seker gou verplaas van die damwal naar die water self, wat vir landbou en veeteelt so onmisbaar is. In hierdie geval sien ons nog die ou en die nuwe betekenis naas mekaar bestaan, b.v. iemand "maak 'n *dam*" (= *damwal*), maar die kinders "swem in die *dam*" (= *damwater*), en "die *dam* (= reservoir) is leeg of vol."

Wanneer 'n eienaam soortnaam word, het ons dikwels met 'n soort van kousale oordrag te doen, soos wanneer 'n bepaalde soort mes vroeër *hernuiter*, *hernuter* of *herneuter* genoem is, omdat die Hernhutters dit gemaak het. Hiertoe kan gereken word *kolbroek* (soort vark, <*Colebrook*), en name van gewere soos *mouser*, *martienie-henrie*, *lee-metford* ens.

Sekere woorde kan ook betekenisverandering ondergaan ten gevolge van bepaalde historiese gebeurtenisse. So het die vasstelling deur die Eng. regering van die wisselkoers en koopwaarde van die Holl. geld, deur die N. O. I. K. in die Kaap Kolonie in omloop gebring, waarskynlik daartoe aanleiding gegee, dat die woord *daalder* of *riksdaalder* vandag in Afrik. gebruik word vir 'n geldwaarde van 1/6 (= 90 sent) en dat die woord *dubbeltjie* gebruik word vir 'n "pennie" (= 5 sent).[1])

Ironie en sarkasme het seker 'n rol gespeel in die betekenisontwikkeling van woorde soos *doodkiste* (in die sin van "groot skoene"), *agterlaaier* (= manel), *konsistorie hou* (= praatjies verkoop[2]) ens. Dit is seker aan die invloed en gesag van die Kerk en die predikante te danke, dat die uitdrukking *konsistorie hou* in die hierbo genoemde betekenis vandag weinig gebruikelik is.

Daarenteë is die gebruik van woorde en woordvorme soos *hanepootdruiwe* (vgl. II § 7 (a)), *kaalga(ar)perske*, *kastrol* (= "anus"), *jarig* (= "troulustig")[3]) e. a. waarskynlik toe te skrywe aan eufemisme.

Ander woorde word weer in 'n gewone betekenis gebruik b. v. *sandveld*, *bosveld* ens. sowel as in 'n okkasionele betekenis, *Bosveld*, *Sandveld* (bepaalde streke), of die okkasionele betekenis het geyk geraak en die gewone verdring, b. v. *Boland*, *Onderveld* ens.

Tot die mees verbreide verskynsels van betekenisver-

[1]) Vgl. Cory — "R. of S. A." I 50—2 en 160—3.
[2]) „ Patr. Wdbk.
[3]) „ Ndl. Wdbk. VII 227.

andering by alle tale behoor die gevalle van beperking en verruiming van betekenis. So het in Afrik. nes in Ind.-Ndl. woorde soos *jong* en *meid* betekenisbeperking ondergaan ten gevolge van die toepassing op kleurlingbediendes. Dit is gebeur met 'n woord soos *fles* ten gevolge van die konkurensie met *bottel*, met *jas*, *deken*, *skottel*(*tjie*), *veel*, *sonneskerm* e. a. ten gevolge van die gebruik van *baadjie*, *kombers*, *piering*, *baie*, *sambreel* respektiewelik. Tereg het Dr. Bosman opgemerk: "Ontleninge soos *piering*, *bottel*, *karba*, *baadjie* het die Ndl. woorde soos *skottel*, *fles*, *jas*, nie verdring nie, maar geleentheid gegee om te spesialiseer in betekenis, sodat in Afrik. 'n *jas* iets anders is as 'n *baadjie*, 'n *fles* iets anders as 'n *bottel* of 'n *karba*, 'n *skotteltjie* iets anders as 'n *pierinkie*" ("Afrik. en Mal-Port", blds. 65). Alleen sou ek twyfel, of 'n mens hier met Dr. Bosman van "ontleninge" moet praat, daar *bottel*, *karba*, *baadjie* ongetwyfeld oorgeërfde woorde is in Afrik. en *piering* moontlik ook oorgeërf kan wees.

Omgekeerd het verskillende woorde soos *opdraend*, *steeks*, *klip*, *baken*, *bank* e. a. betekenisverruiming ondergaan in Afrik. Ons het gesien, dat *opdraend* en *baken* ook in Ndl. dialekte voorkom in die betekenisse van "helling" en "grenspaal" respektiewelik, maar die betekenisverruiming van sulke woorde in Afrik. blyk uit die oordragtelike gebruik daarvan in sinne soos: "hy het dit maar *opdraend*" (= swaar) en "hy het 'n *baken gesteek*" (b.v. van sy perd geval). In sulke gevalle het ons te doen met 'n deureenmenging van betekenisverandering en funksieverandering. Seemanswoorde soos *klip* en *bank* word in Afrik. in die ruimste betekenisse gebruik en *steeks* word in Afrik. van mense sowel as van diere gesê.

'n Woord soos *kop* word in Ndl. meesal in die gemeensame omgangstaal of in die volkstaal gebruik en *oupa*, *ouma*, *boet*(*ie*) in die kindertaal of in die taal van volwassene teenoor kinders, terwyl *opstal*, *geil*, *genant*, *neuk* e. a. minder fatsoenlike assosiasies het, maar met die uitsondering van *neuk*, wat ook in Afrik. as plat geld in die betekenisse van "veg, slaan, lastig wees", het hulle in Afrik. g'n minderwaardige assosiasies nie, sodat ons hier kan praat van betekenisveredeling, sowel as van betekenisverruiming.

Aan die ander kant is 'n pejoratiewe betekenisontwikkeling op te merk in die gebruik van woorde soos *jong*,

meid, *booi*, *motjie* e. a. en ook in die okkasionele gebruik van *volk* (= kleurlinge), *dorings* (= vuil), *onklaar trap* (= van 'n meisie gesê). In die laaste twee gevalle is dit b. v. moeilik om te onderskei tussen pejoratiewe betekenisontwikkeling in die okkasionele gebruik van woorde en uitdrukkinge en eufemistiese substitusie van sulke woorde en uitdrukkinge vir iets platter.

Hierdie voorbeelde kan met groot getalle vermeerder word, maar daar ek in die geval van betekenisverskille tussen Afrik. woorde en hulle Ndl. ekwiwalente oral op die verskilpunte wys, sou 'n uitbreiding van die materiaal van hierdie paragraaf net lei tot onnodige herhaling. Uit die hier behandelde voorbeelde blyk voldoende, dat die gevalle van betekenisverandering in Afrik. berus op 'n psigologiese kompromis tussen die oorgeërfde betekenisinhoud en die aanpassing van 'n volk aan 'n nuwe milieu. "Die Wortbedeutung", sê PAUL, "bequemt sich immer der jeweiligen Kulturstufe an" ("Prinz." blds. 104). Daaruit volg egter nie, wat party taalgeleerdes ten opsigte van Afrik. daaruit wou aflei, dat die gebruik van bestaande woorde in nuwe betekenisse 'n bewys is van geestelike armoede en onbeholpenheid nie. "The motive", sê BRADLEY, "for using words in new senses is not always that there is any difficulty in expressing the required meaning without such an expedient. It is very often merely a desire for freshness and vivacity of expression". ("The Making of Eng." blds. 174).

§ 2. Vormverandering.

Die behandeling van Afrik. woorde, wat alleen vormverskille teenoor hulle Ndl. ekwiwalente vertoon, val buitekant die bestek van my ondersoek. Maar vormverskille kan gepaard gaan met betekenisverskille. Dit sal in Afrik. veral die geval wees, as naas die algemeen Ndl. vorm van vandag ook nog 'n 17e eeuse of 'n dialektiese woordvorm bestaan. Dan het ons te doen met doeblette, met verskillende vorme van dieselfde woord, wat langs verskillende wege in Afrik. gekom het. Dan moet een van die twee vorme verouderd raak en verdwyn, of die twee moet aparte betekenisse ontwikkel of in aparte gebruiksfere lewe. "Die Sprache ist allem Luxus abhold". (PAUL — "Prinz", blds. 251).

Ek het reeds hier en daar terloops op gebruiks- of betekenisverskille gewys by die volgende woordpare: *gewente — gewoonte, kwaad — kwaai, sag — saf, teiken — teken, vleis — vlees, rood — rooi, dood — dooi, skaad — ska(a)i, versmaad — versma(a)i, troei, treu, tru — t(e)rug, verrek — vrek, braaf — bra, dolwe — delwe, oop — ope(n), beendere — bene* e.a. en op die modale betekenis van vorme soos *aans* (*aansies*) en *dalk* (*dalkies*) teenoor *aanston(d)s* en *dadelik*. So is *daarom* redebepalend nes in Ndl., terwyl *darem* in die sin van "tog, in elk geval, nietemin" gebruik word.

Verder word nog onderskeid gemaak tussen *bleik* en *bleek*, *proe* en *proef*, *het* en *hê*, *neut* en *noot*, *blaar* en *blad* ens. Afgesien van die vormverskille, word daar ook deur die verskille van die sintaktiese verband allerlei betekenisnuanses in Afrik. uitgedruk, soos: "dit is *mooi* weer vandag" (= die lug is onbewolk, attrib.) en "die weer is *mooi* vandag" (= die lug is bewolk en belowe reën, pred.)

Opmerking verdien natuurlik ook die uitdrukking van betekenisverskille deur verskillende meervoudsvorme, b.v. *aanstellings — aanstellinge, verbeeldings — verbeeldinge, vorms — vorme, rûe, rugge* of *rugte — ruggens* of *rûens* e.a. [1]). Die heer LE ROUX het m. i. tereg opgemerk, dat verskillende van die onderskeidinge, wat die Akademie handhaaf, nie altyd deur die bestaande spraakgebruik erken word nie (vgl. "Handleiding", blds. 38).

Op een lyn met die Duitse onderskeid tussen die uitgange *-heit* en *-keit* [2]) bestaan daar in die Afrik. spraakgebruik 'n onderskeid tussen *-heid* en *-geid*, wat egter tot nog toe g'n offisiële erkenning in die skryftaal gekry het nie. Waarom, weet ek nie. Ek begryp nie, watter besware daar teen vorme soos *kwaaigeid* (< *kwaaiigheid*) en *skaamgeid* (< *skamigheid*) kan wees nie, vorme, wat tog seker in Afrik. meer algemeen gehoor word as *kwaaiheid* en *skaamheid*. Buitendien druk *naarheid* en *naargeid* b. v. in my spraakgebruik betekenisnuanses uit, wat enigsins buitekant die bereik is van *naarheid* en *narigheid*. Die uitgang *-geid* kom selfs as 'n soort van selfstandige woordelement voor in sintaktiese agglutinasies soos die volgende, wat ek nog in die Transvaal opgeteken het: "Dit is van *ek-weet-nie-wat -se-goed-se-geid* nie" (vgl. *nescio-quid*). Miskien verdien

[1]) Vgl. Dr. D. F. MALHERBE — "Afrik. Taalboek", bldss. 38, 40—41, en J. J. LE ROUX — "Handleiding", blds. 38 vgg.

[2]) „ PAUL — „Prinz.", blds. 258—9.

sulke uitdrukkinge nie juis aanbeveling nie, maar hulle bewys m.i. tog, dat die uitgang *-geid* as 'n woordvormende element lewe in die mond van die spraakmakende gemeente. En dan is dit altyd verstandig om daar ook in die skryftaal mee rekening te hou, as laasgenoemde taalvorm nie in skeppingskrag by die minder konserwatiewe spreektaal wil agter staan nie.[1])

§ 3. Funksieverandering.

Wat het die kwessie van funksieverandering met die woordeskat van die taal te maak? As deur funksieverandering 'n woord van een woordklas in 'n ander oorgaan, dan kry dit meesal 'n nuwe betekenis, en omgekeerd kry dit gewoonlik 'n ander funksie deur betekenisverandering.[2]) Dit is dikwels moeilik om oorsaak en gevolg van mekaar te skei. In 'n sin soos: "dit gaan *opdraend*" is *opdraend* (Ndl. *opdragend* = *ophellend*) oorspronkelik gebruik geword sonder funksie- of betekenisverskil. Maar in die teenswoordige spraakgebruik word *opdraend* in hierdie verband as 'n suiwer byv. nw. (= swaar) gevoel, en nie meer as 'n tegw. deelw. nie, terwyl ook die oorspronklike betekenis nie meer nagevoel word nie. Het ons hier te doen met 'n geval van betekenisverandering? of van funksieverandering? of van altwee? Die twee verskynsels loop in hierdie geval deureen, maar wat is oorsaak en wat gevolg? *Opdraend* word anders in Afrik. gewoonlik as selfst. nw. (= helling) gebruik.

Funksieverandering kan dus lei tot betekenisverandering en omgekeerd. Dan beteken dit 'n uitbreiding van die woordeskat. Ook hier sal die kiem van sulke funksieveranderinge dikwels in Ndl. of in die Ndl. dialekte al aanwesig gewees het, en dan word die resultate van die ontwikkeling eers in Afrik. opgemerk.

As 'n taalverskynsel is funksieverandering natuurlik net dieselfde in Afrik. as in ander tale, en kan hier verwys word naar die artiekels daaroor van Bréal, Paul e. a. Maar die woordvoerders van die Mal.-Port. teorie oor die oorsprong van Afrik., met name Hesseling en du Toit en

[1]) Ook in Ndl. word betekenisnuanses uitgedruk deur *-heid* en *-igheid* (vgl. Ndl. Wdbk. VI 442 en 1390). Afrik. gaan verder, en differensiëer soms tussen *-heid*, *-igheid* en *-geid* (< (*-igheid*).

[2]) Vgl. Paul — "Prinz.", XII.

hulle navolgers, v. GINNEKEN en LECOUTERE, het in die verskynsel van funksieverandering, en veral in die omvang daarvan in Afrik., die bewys gesien van 'n kreoliseringsproses in Afrik. Reeds in sy Gidsartiekel van 1897 oor "Het Hollandsch in Zuid-Afrika" het Dr. HESSELING die aandag gevestig op die verskynsel van funksieverandering in Afrik. (blds. 150). Hierdie Gidsartiekel van 1897 was egter net die embrio van sy monografie van 1899 oor "Het Afrikaansch", waarin ons o. a. lees: "Uit tal van uitdrukkingen blijkt dat het Afrikaansch, evenals het Maleisch-Portugeesch, menigmaal de woordsoorten geheel anders gevoelt of van elkander onderscheidt dan de Europeesche talen" (blds. 113). Hierby het Dr. P. J. DU TOIT aangesluit met die bewering: "In het Afrikaansch, evenals in het Negerhollandsch, staat het met de woordsoorten dikwijls geheel anders geschapen dan in de Europeesche talen, d. w. z. de woordsoorten worden voor het Europeesche taalgevoel met elkander verward.... Daar deze eigenaardigheid in haast alle ons bekende Kreoolsche talen voorkomt, kan men haar wel als een algemeen kenmerk van het Kreoolsch beschouwen" ("Afrik. Studies", bldss. 80, 81). Die waarde, wat aan die verskynsel as sodanig geheg word, blyk duidelik uit die volgende opmerking van LECOUTERE: "Het verwarren der rededeelen is *stellig de merkwaardigste afwijking van het Ndl. en het treffendst bewijs van creoliseering.* Dit verschijnsel is niet te verklaren zonder invloed van een creoliseerend idioom (hier = het Maleisch-Portugeesch); het dooreenloopen der woordsoorten is ten overige een algemeen kenmerk van het Creoolsch" ("Inleiding", blds. 279. Ek kursiveer).

Dr. KRUISINGA het al in 1906 teen hierdie verklaring opgekom, en daarop gewys, dat die verskynsel self weinig bewys, omdat dit in alle tale voorkom en allesbehalwe uitsluitend 'n Kreoolse verskynsel is. Die ontwikkeling van die verskynsel in Afrik. moet miskien aan dieselfde faktore toegeskrywe word as in Eng., en die sterk deurgevoerde defleksie in altwee die gevalle het waarskynlik baie te doen met die verskynsel van funksieverandering.[1]) Nog uitvoeriger het Dr. BOSMAN die geval van funksieveranderinge in Afrik. bespreek[2]). Hy het aangetoon, dat

[1]) Vgl. Dr. E. KRUISINGA — „De Oorsprong van het Afrikaans" ("Taal en Lett." XVI blds, 438-9).

[2]) „ Dr. D. B. BOSMAN — "Afrik. en Mal.-Port." bldss. 76—79.

ons met verskillende klasse van gevalle te doen het, en dat daar vir die meeste parallelle in Ndl. te vind is. Afrik. konstruksies soos: "hy is *lekkerlyf*" vergelyk hy met Ndl.: "hij is *platzak*",[1]) en gevalle soos *lepellê* laat hom dink aan Ndl. samestellinge soos *mastklimmen* en *schuitjevaren*. 'n Moeilike klas van funksieveranderinge in Afrik. om te verklaar is te vind in die tiepiese uitdrukkinge: *ek is honger, ek is spyt, ek is jammer, ek is skaam, ek is lus, ek is vaak* ens. Dr. BOSMAN het in hierdie gevalle Afrik. neologismes gesien, maar aangetoon (1) dat naas *ek is honger* ens ook nog *ek het honger* in Afrik. gebruik word, en (2) dat dit onmoontlik is in Afrik. om te sê: *ek is geduld*, soos in die taal van die Indiese Sinjo's (vgl. HESSELING-"Het Afrik." blds. 113), of *ek is hoofpyn* ens. Tereg konkludeer BOSMAN m. i.: "Om van die verskynsel te praat as die oorgang van een woordsoort tot 'n ander, soos Dr. H. en Dr. DU TOIT doen, helder die saak nie op nie, bring ons niks nader tot 'n verklaring nie. Die eigenaardigheid sit ook nie in die gebruik van 'n substantief as 'n adjektief nie, maar in die gebruik van *is* as kopula in plaas van *hebben*. In 'n sin as *ik heb honger* is *heb*, vir my gevoel, niks anders as 'n kopula nie, en druk iets anders uit as in *ik heb geld*" (blds. 78).

By die opmerkings van Dr. BOSMAN sou ek die volgende wil voeg: funksieverandering is dikwels die gevolg van begripswysiging, analogievorming, defleksie en die bestaan van wisselvorme.

Die vermenging van sprekers van verskillende dialekte, die verhuising van sulke heterogene volkselemente naar 'n nuwe vaderland en die afwesigheid van remmende faktore soos lektuur, skoolonderwys en 'n skriftelike tradiesie moes die ontstaan van wisselvorme en die omvang van begripswysiging en analogievorming kragtig in die hand gewerk het. Sulke faktore was waarskynlik ook gedeeltelik verantwoordelik vir die omvang van die defleksieverskynsels in Afrik. Ek het hierbo gewys op die kousale verband, wat daar soms bestaan tussen begripswysiging en funksieverandering. In ander gevalle sal die bestaan van dubbelvorme soos *dadelik — dalk, aanston(d)s — aans* ens. vermoedelik aanleiding gegee het tot die ontwikkeling van modale funksies by een van die twee vorme, in

[1]) Mnr. J. LE ROUX voeg nog by Ndl. *bek-af* ("Handl." blds. 61).

hierdie gevalle by die kort dialektiese vorme. In Eng. is funksieverandering sterk bevorder deur defleksie, sodat w. w. maklik kan oorgaan tot selfst. nw. en omgekeerd.[1]) Op grond van sulke taalpsigologiese oorwegings sou ek "a priori" die veelvuldige verskyning van funksieverandering in Afrik. veronderstel, afgesien van enige Kreoolse invloed. Dat Mal.-Port. die verskynsel in Afrik. kon bevorder het, is moontlik; dit is net so moeilik om dit te ontken, as om dit te bewys. Maar waar daar sulke opvallende parallelle in Ndl. en veral in die Ndl. dialekte voor die hand lê, of waar Afrik. en Eng. om soortgelyke redes ooreenkomstige gevalle van funksieverandering vertoon, daar is dit tog seker te kras om die verskynsel te beskou as "het treffendst bewijs van creoliseering". Tot bewysvoering wil ek alleen 'n paar eenvoudige raakpunte en parellelle aanhaal tussen Afrik. aan die een kant en Ndl., die Ndl. dialekte en Eng. aan die ander kant.

Dr. P. J. DU TOIT het 'n aantal voorbeelde van funksieverandering opgenoem uit plat Afrik. Hoe weinig oortuigend verskillende van dié voorbeelde is, kan uit die volgende blyk:

(1) In "ons *tjap* ons vee" sien hy 'n geval van 'n selfst. nw., wat as w.w. gebruik word. As die woord *tjap* uit die 17e eeuse handelstaal oorgeërf is, dan het ons hier te doen met die normale Afrik. fleksielose vorm van die 17e eeuse *siappen*, *sjappen* ens. Is die woord *tjap* 'n ontlening uit Eng., dan bied die Afrik. gebruik ook g'n beswaar nie, want Eng. gebruik die woord ook as w.w.[2])

(2) In "dit is 'n *baie* nôi" moet ons volgens DU T. 'n byw. sien, wat as byv. nw. gebruik word. Gestel dat hierdie woord *baie* uit Mal. *banjak* stam, dan het ons hier nie met 'n geval van funksieverandering te doen nie, want *banjak* is in Mal. byv. nw. sowel as byw. Maar ons het hier waarskynlik te doen met die woord *banni(g)*, wat in Platduits as byv. nw. gebruik word.

---

[1]) Vgl. JESPERSEN — „Progress in Language with special reference to English", hoofst. VI—VIII, en "Growth and Structure of the Eng. Lang." (blds. 198 vgg.).

[2]) *Chap* word as w.w. in Eng. gebruik hoofsakelik in Indië en Suid-Afrika, en is van dieselfde herkoms as die 17e eeuse Ndl. *Siappen* (vgl. "HOBSON—JOBSON").

(3) In "'n *sny* brood" sien Dr. DU TOIT 'n w.w., wat as selfst. n.w. gebruik word. Hierdie gebruik van *sny* in Afrik. is nie plat nie en ook nie dialekties nie, maar algemeen. En dit hoef ons glad nie te bevreemd nie, omdat *sny* ook in Ndl. dialekte so gebruik word (vgl. II § 7 (c).[1]) 'n Soortgelyke voorbeeld van Dr. DU TOIT is: "die skape *dood* by hope", waar 'n selfst. nw. dan as w.w. skyn gebruik te word. Hierdie gebruik van *dood* het ek in die taal van blanke alleen in die Boland gehoor; in die Vrystaat en Transvaal daarenteë alleen in die geadapteerde Afrik. van kleurlinge. Dit geld dus vir 'n deel as dialekties en vir 'n deel as plat. Maar wat bewys dit nou? Volgens GALLÉE word in die volkstaal van Gelderland, Overijsel en Twenthe die woord *dooien* gebruik in die sin van "sterven" (vgl. "G. — O.," bldss. 9 en 66). Sou dit daar ook een van die treffendste bewyse van kreolisering wees? Ek vrees, dat daar dan ten slotte niks ongekreoliseerd oorbly nie.

Hoe maklik ons in Afrik. 'n oorspronklike w.w. vir 'n selfst. nw. in verbale funksie kan aansien, blyk uit die volgende alledaagse woorde in verband met die boerebedryf, waarvoor ek die parellelle in die Ndl., die dialektiese en die Afrik. spraakgebruik opgee:

Ndl.	Dial.		Afrik.
kalveren en *kalven*	*kalven*	> *(kalwe)*,	*kalf;*
veulenen	*veulen (vullen)*	>	*vul;*
lammeren en *lammen*	*lammen*	>	*lam;*
?	*uieren*	>	*uier.*

In al hierdie gevalle is die Afrik. w.w. *kalf* (ook nog *kalwe*), *vul*, *lam*, *uier* gelykluidend met die selfst. nw. *kalf*, *vul*, *lam*, *uier*. Ons het hier dus nie met funksieverandering in Afrik. te doen nie, maar met vormidentiteit ten gevolge van defleksie. Dieselfde verskynsel sien ons in Eng.:

Ndl.		Eng.		Afrik.	
selfst. nw.	w. w.	selfst. nw.	w. w.	selfst. nw.	w. w.
galop	*galopperen;*	*gallop*	*gallop;*	*galop*	*galop;*
draf	*draven;*	*trot*	*trot;*	*draf*	*draf;*
?	*trippelen;*	*amble*	*amble;*	*trippel*	*trippel.*

[1]) Sulke gevalle kan in Afrik. ook eenvoudig verklaar word as die gevolg van die gedeeltelike verlies van Ablaut, en van analogiewerking.

Dit is in Eng. en in Afrik. dus al heel moeilik om uit te maak, wanneer ons met 'n oorspronkelike w. w. te doen het, en wanneer met 'n selfst. nw. in verbale funksie. In altwee hierdie tale bestaan daar dan ook hoegenaamd g'n moeilikhede vir neologismes om van die een woordklas in die ander oor te gaan nie, as die woordklasse selfst. nw. en w. w. is.[1]) Om dus alle gevalle van funksieverandering, en selfs van skynbare funksieverandering, in Afrik. as 'n bewys van kreoliserende invloede aan te haal, sal nie gaan nie. By 'n skifting van die verskillende gevalle sal waarskynlik blyk, dat die rubriek: *ek is skaam, ek is honger* ens. een van die belangrikste is. En in sulke gevalle moet ons net soveel rekening hou met analogiewerking as met funksieverandering. Die analogiewerking kan uitgegaan het van uitdrukkinge soos: *Sy is skaam*, waar *skaam* net sowel uit *skaamagtig* of *skamerig* as uit *skaamte* afkomstig kan wees (vgl. *sy kry skaam*). Daarvoor bestaan daar parallelle in die dialektiese spraakgebruik.[2])

Trouens die hele verskynsel is algemeen genoeg, en Dr. Bosman het reeds die verklaring van Schuchardt aangehaal, waarvan ek net die volgende sinne oorskrywe: "Es ist ein atavistischer Trieb der uns in gehobener Sprache sagen lässt: "ich bin ganz Mitleid", "sie ist ganz Huld", und manche Substantiva sind auf solchem Weg dauernd zu Adjektiven geworden, so Ernst, Zorn (im Mhd.), chagrin, colère..... Wer ganz in unseren künstlichen Systemen befangen ist, wird vielleicht meinen "ich bin Hunger" müsse etwas anderes bedeuten als "ich habe Hunger", aber das wäre ein Irrthum". Wel, ons Afrik. stamouers was allesbehalwe "in unseren künstlichen Systemen befangen", en ek kan my voorstel, dat die vermenging van onontwikkelde sprekers van allerlei Ndl., Platd. en Hd. dialekte die analogiewerking kragtig in die hand gewerk het, en dan was daar aanknopingspunte genoeg vir die gebruik van: *ek is honger, ek is skaam* ens. 'n Ondersoek naar die gebruik van sulke uitdrukkings in die 17e eeuse volkstaal, en selfs in die hedendaagse dialekte, sal ongetwyfeld verrassende resultate oplewer, maar hier moet ons ook nog die uitkomste van die Ndl. dialekondersoek afwag.

---

[1]) Maar daar bly ook in Afrik. nog gevalle oor, waar sulke moontlikhede van funksieverandering nie skyn te bestaan nie (vgl. blds. 288, en J. le Roux- "Handl." blds. 62).

[2]) Vgl. Ndl. *geheel gehoor zijn* (Ndl. Wdbk. IV 873).

§ 4. Kontaminasie of Versmelting.

Onder kontaminasie of versmelting verstaan ek met PAUL alle gevalle, wanneer "zwei synonyme oder irgendwie verwandte Ausdrucksformen sich neben einander ins Bewusstsein drängen, so dass keine von beiden rein zur Geltung kommt, sondern eine neue Form entsteht, in der sich Elemente der einen mit Elementen der andern mischen" ("Prinz.", blds. 160). Versmelting of kontaminasie, in hierdie sin verstaan, kom op sintaktiese gebied sowel as by die woordvorming voor, maar ek sal my hier hoofsakelik by die woordvorming bepaal, daar die sintaksis buitekant die bestek van my onderwerp val. Ek het egter reeds terloops daarop gewys, dat (*in*) *plcks* (*van*) waarskynlik moet toegeskrywe word aan 'n versmelting van die Ndl. *in plaats van* en die dialektiese *in plek van*. Sulke kontaminasieprodukte kan natuurlik ook uit een of ander dialek oorgeërf wees. In *Slamaaier* moet ons seker met Dr. MANSVELT 'n Afrik. kontaminasievorm sien van (*I*)*slamse* (*mense*) en *Maleier*. "Contaminatie ontstaat dus door taalovervloed", sê v. MALSSEN ("Het Leven der Taal", blds. 98). Maar "die Sprache ist allem Luxus abhold", verseker PAUL ons ("Prinz.", blds. 251). Daar bestaan egter ook "eine positive Nutzbarmachung des Luxus vermittelst einer Bedeutungsdifferenzierung des Gleichwertigen" ("Prinz.", blds. 253). En so is dit ook in hierdie geval in Afrik. gegaan met die gebruik van die vorme *Maleiers*, *Slamse* en *Slamaaiers*. In my eie spraakgebruik het *Maleiers* alleen 'n etnologiese en *Slamse* alleen 'n Kerkelik-religieuse betekenis, terwyl ek *Slamaaier* alleen in die sin van "toordokter van Maleise herkoms" gebruik. In hoever hierdie betekenisverskille ook in die spraakgebruik van ander streke geld, weet ek nie presies nie.

Miskien moet ons ook in die volgende gevalle voorbeelde van versmelting sien, n. l. in *verkul* uit *verneuk* en *kul*, *koggelmander* uit *koggelmannetjie* en *klipsalmander*, *omslommering* uit *omslagtigheid* en *beslommering*, [1]) *agterlosig* uit *agteloos* en *agterlatig* (= *nalatig*).

Omslommering skyn alleen hier en daar sporadies voor te kom, en *verkul* sal sy oorsprong waarskynlik te danke hê aan die begeerte om die platter *verneuk* te vermy.

---

[1]) Of is dit 'n direkte afleiding uit die in Ndl. verouderde *omslommeren*? (Ndl. Wdbk. X 534).

Nouverwant met die verskynsel van versmelting is die ineenskuiwing, waarvan ons waarskynlik 'n voorbeeld moet sien in *watersopnat* uit *waternat* en *sopnat* en veral in eienaardige hibriediese samestellinge soos *boeldoghond*, *bokkiekarretjie*, *koperkapelslang* en dergelike toutologiese woordvorme.

Ek het selfs van "*sailor blouse*"-*baadjies*, "*sailor hat*"-*hoede* en "*safety pin*"-*spelde* ens. hoor praat. Op sulke vorme kom ek by die behandeling van die Afrik. samestellinge terug.

Die vraag moet egter gestel word, of sulke produkte van kontaminasie en ineenskuiwing, van 'n taalpsigologiese oogpunt beskou, nie parallelle vorm van uitdrukkings soos *ek is honger* nie, wat dan moet verklaar word as 'n versmelting van *ek het honger* met *ek is hongerig*. Om in die een geval te praat van funksieverandering en in die ander van kontaminasie gee m. i. g'n verklaring van die psigologiese wordingsprosesse van sulke taalverskynsels nie.

---

§ 5. **Analogie.**

Nes die kontaminasieverskynsels is ook die analogiewerking op sintaktiese gebied sowel as by die woordvorming op te merk; maar ook hier onthou ek my sover moontlik van die bespreking van suiwer sintaktiese kwessies.

Hier moet gelet word op die rol van die analogie by die Afrik. woordvorming, vir sover daardeur nuwe woorde gevorm is of reeds bestaande woorde vorm- of funksieveranderinge, en ten gevolge daarvan dikwels ook betekenisveranderinge, ondergaan het. Die rol, wat die analogiewerking in Afrik. gespeel het by die afleiding en samestelling, word in die volgende paragrawe behandel.

Hier is dit miskien die plek om te wys op die kanse, wat die analogie gekry het om 'n rol te speel in Afrik. Die vermenging van min of meer onontwikkelde dialeksprekers, wat van huis uit verskillende maar verwante gewestale gepraat het, die afwesigheid van 'n skryftaalstandaard, die verwarring van verskillende woordvorme en die vormidentiteit van verskillende woordklasse ten gevolge van defleksie, die adaptasie van die taal deur groot getalle vreemdelinge van verskillende herkoms, aksentverspringing en betekenisverandering — dit is almal

faktore, wat die analogiewerking in Afrik. in die hand moes gewerk het.[1]) Een van die woordklasse, wat in Afrik. ongetwyfeld die ingrypendste invloede van die analogiewerking ondervind het, is seker die werkwoord. Die analogiese voorvoeging van *ge-* voor die verl. deelw. van w.w., waarby dit oorspronkelik nie tuis behoor nie, kom al in 16e eeuse geskrifte voor,[2]) en kan bes moontlik in die volkstaal tamelik verbreid gewees het. Dr. MALHERBE het reeds gewys op die gebruik van sulke vorme in Ndl. geskrifte van die begin van die 18e eeu, en bewysplase aangehaal uit ABRAHAM BOGAERT se "Historische Reize door d' Oostersche Deelen van Asia" (Amstd. 1711) soos *geherstelt*, *geondervraagt* ens. Verder het hy gewys op die gebruik in die reeds vroeër deur my genoemde manifes (uit die jaar 1739) van BARBIER en PLETSHOLT (vgl. I § 4 (a)) van vorme soos *geherstelt* en van bastervorme soos *ondergesteent* (i.p.v. *geondersteun(d)*) en *ergekent* (i.p.v. *ge- erken(d)*), en op die verskyning in die reisjoernaal van WIKAR (uit die jaar 1778) van vorme soos *gebelooft*, *gevernielt*, *gebewaart* ens.[3]) Die gebruik van sulke vorme, tensy hulle ander betekenisnuanses kan uitdruk as die vorme sonder *ge-*, beteken egter net so min as die gebruik van *verloor* in pres. betekenis 'n aanwins vir die woordeskat van Afrik.

Anders is dit gestel met die analogies deurgevoerde swak verl. deelwoordsvorme, waarnaas dikwels nog sterk verl. deelwoordsvorme met verskil van betekenis bestaan. Die sterk verl. deelwoordsvorme, wat meesal in 'n figuurlike betekenis gebruik word,[4]) kan vir 'n deel in geykte uitdrukkings bewaar gebly het en vir 'n deel berus op die invloed van die Ndl. skryftaal. Die analogies deurgevoerde swak verl. deelwoordsvorme word daarenteë

---

1) Waarskynlik het die kindertaal hierin ook 'n groot rol gespeel in Afrik. Vgl. Prof. C. G. N. DE VOOYS — "Iets over woordvorming en woordbetekenis in Kindertaal" (N. T. X).

2) LUBACH gee die volgende voorbeelde: (a) *omgehelst*, *aengeveert*, *overgetreden*, *ondergeworpen*, *overgevallen*, *ondergedruct*, *wedergestaen*, *omgehullet*, *overgecomen* en *aengemerkt*; en
(b) *gheaenmerkt*, *geachterhaelt*, *geaenschouwet* en *geopenbaert* (blds. 51 § 84).

3) Vgl. Dr. D. F. MALHERBE — "Afrik. Taalboek", blds. 66.

4) d. w. s. in suiwer adjekt. funksie, terwyl die swak verl. deelwoordsvorme gewoonlik nog iets van hulle verb. funksie behou het. Vir 'n deel berus dit ook op die onderskeid tussen spreektaal en boeketaal.

meesal in 'n letterlike betekenis gebruik. Ons het hier dus weer te doen met 'n "Bedeutungsdifferenzierung des Gleichwertigen", vgl: —

'n	*omgeklinkte* spyker	en 'n	*beklonke* saak;
„	*gesluite* deur	„ „	*geslote* boek;
„	*geslypte* mes	„ „	*geslepe* dief;
	gebreekte mielies	„ „	*gebroke* taal;
„	*gebuigde* tak	„ „	*geboë* houding;
	ingeskinkte koffie	„ „	*beskonke* vent;
	afgetrekte mielieblare	„ „	*afgetrokke* manier;
	ingeneemde medisyne	„ „	*ingenome* standpunt;
„	*kortgebinde* perd	„ „	*kortgebonde* man;
	ongebinde hawer	„	*ongebonde* styl;
	uitgesoekte koffiepitte	„ „	*vergesogte* verklaring;
	onbespreekte sitplekke	„ „	*onbesproke* karakter ens.

In al sulke gevalle het die analogiese deurvoering van die swak verl. tyds- en verl. deelwoordsvorme dus gelei tot betekenis- sowel as vormdifferensiëring, maar die betekenis van die analogiewerking vir die woordvorming in Afrik. sal veral blyk uit die rol, wat dit by die afleiding gespeel het.

---

§ 6. **Afleiding.**

Vorm- en funksieverandering, analogie en afleiding, die verskil en verband tussen afleiding en samestelling en tussen afleidingssuffikse en buigings- en vervoegingsuitgange is almal kwessies, wat meer op die gebied van die vormleer as op die gebied van die woordvorming tuis behoor, en wat dus allesbehalwe met uitvoerigheid hier behandel kan word. Sulke kwessies kan by die behandeling van die Afrik. woordvorming alleen aangestip word vir sover hulle in Afrik. aanleiding gegee het tot wat DARMESTETER, reeds genoem het "*néologismes de mots*" en "*néologismes de significations*".[1]) So moet die woordvorming deur afleiding hier behandel word, omdat afleiding soos PAUL aangetoon het, nie 'n afgeslote metode van woordvorming is nie, maar 'n voortgesette proses. Nuwe suffikse ontwikkel ten gevolge van die verlies van oues of oues kry analogies 'n uitgebreider toepassing[2]). So kan deur afleiding nuwe

[1]) Vgl. A. DARMESTETER — "La Vie des Mots", ens. blds. 31.
[2]) „ PAUL — "Prinz.", blds. 349.

woorde gevorm word, of bestaande woorde, wat deur afleiding gevorm is, nuwe betekenisnuanses uitdruk. Wat hier moet ondersoek word, is watter afleidingsprefikse en suffikse, wat in Ndl. of die Ndl. dialekte voorkom, in Afrik. 'n uitgebreider woordvormende betekenis gekry het. Ook hier kan net enkele hoofgedagtes aangestip en enkele tiepiese voorbeelde vermeld word.

(a) **Afleidende voorvoegsels.**

Die volgende afleidingsprefikse verdien hier enkele opmerkings n.l. *be-*, *ge-*, *ka-*, *on-* en *ver-*.

(1) Volgens Dr. MANSVELT word *betakel* in Afrik. gebruik in die sin van Ndl. *toetakelen* (afransel), wat nie ooreenkom met my spraakgebruik nie, waarin *betakel* gebruik word in die sin van "bemors, besmeer" ens. (gewoonlik van kinders gesê). *Betakel* het in Afrik. dus 'n afgeleide figuurlike betekenis; vgl. verder *betrek* (bedrieg), *bespreek* (in die sin van "tande ens. bespreek"), *befoeter(d)*, *bevlies*, *bevlieg* e.a. *Beset* in die betekenis van "bevrug, swanger" ("Ons Taal", 1908 II) is in my spraakgebruik onbekend. In Afrik. skyn daar dus verskillende woorde te bestaan met 'n voorvoegsel *be-* en 'n afgeleide figuurlike betekenis. [1])

(2) Ons het reeds gelet op die analogies voorgevoegde *ge-* by die verl. deelw. Die Afrik. gebruik van *gevreet* (bakkies) vind 'n parallel in Ndl. *geweten*, wat die funksieverandering betref. Deur die voorvoeging van *ge-* voor enkele selfst. nw. word naar analogie van *gemeubeld* e. a. byv. nw. gevorm, b.v. *gekeil*, *gemanel*, *gestewel*, *gespoor*, *gedas*, *gestrik*, ens. nes in Ndl. *gehoed*, *gejast*, *gelaarsd*, *gespoord*, *gedast*, *gestrikt* e.a. In gevalle soos *gekeil* en *gemanel* is dit moeilik om uit te maak of daar 'n werkwoordelike element in gevoel word. [2])

(3) Die voorvoegsel *ka-*, waarmee gewoonlik woorde met 'n minder gunstige betekenis gevorm is, skyn sy woordvormende krag in Ndl. heeltemal verloor te hê.

---

[1]) Al hierdie afleidinge met *be-* kom in Ndl. voor, maar hulle het (a) in Ndl. ander betekenisse, of (b) hulle is in Ndl. verouderd of (c) hulle is dialekties (vgl. Ndl. Wdbk.).

[2]) 'n Groot aantal afleidinge met *ge-* skyn analogies gevorm te wees, en dit is moeilik om in elke afsonderlike geval uit te maak in hoever verbale of sémiverbale funksie daarin gevoel word of nie.

In Afrik. skyn *ka-* nog iets van sy woordvormende funksie bewaar te hê in *katiet*, 'n plat woord vir "moederbors" of "suigding vir 'n babetjie".

Dr. MANSVELT vermeld 'n woord *tjoema*: "om niemendal (bij spelen)", wat in hierdie sin in my spraakgebruik onbekend is. Volgens PRICK VAN WELY („Viert. Aanv. Hulpwdbk." bldss. 185 en 334) stam die woord *tjoema* uit Bat.-Mal. *tjoema*, Tamil *tjoemmâ* (vergeefs), en is dit in die vorm *pertjoema* ook in Ndl. bekend en verbasterd tot *voor tjomme*. Dit is waarskynlik dieselfde woord, wat in my spraakgebruik nog bekend is in die vorm (*honde*)*katjoema* (hondedrek), waarin ons vermoedelik ook die voorvoegsel *ka-* moet sien. As hierdie veronderstelling juis is, dan het *ka-* nog in Afrik. sy woordvormende funksie behou tot na die ontlening van die woord *tjoema*.

(4) Ook die voorvoegsel *on-* het nog sy woordvormende krag behou in Afrik. soos blyk uit *onuithoudelik*, *onuithoubaar*, *onkleur*, [1]) *ongeërg* ens.

(5) Ons het reeds gelet op die gebruik van *ver-* in *verkul*, ontstaan deur versmelting van *kul* en *verneuk*. In *versier* (naas *visier*) en *vermeer* (naas *vomeer*) het ons miskien met volksetimologiese vervorminge te doen. [2]) Die woordvormende krag van *ver-* in Afrik. blyk nog o. a. uit *versondig* (pla, lastig val ens.), wat heeltemal iets anders is as *besondig*.

(*b*) **Afleidende Agtervoegsels.**

Ook moet gelet word op die betekenis vir die woordvorming in Afrik. van die volgende afleidende suffikse, n.l. *-agtig*, *-asie*, *-baar*, *-el*, *-er*, *-(e)rig*, *-heid* (en *-geid*), *-ik*, *-ig*, *-lik* *-sel* en *-te*.

(1) Die betekenis van *-agtig* sien ons nog in *tergagtig*, *merrieagtig* e.a.

(2) Die agtervoegsel *-asie*, Ndl. *-age* (< Fr. *-age*) kom nog in allerlei Afrik. woorde voor wat in Ndl. nie, of nie meer, bestaan nie. Ek het reeds gewys op die 17e eeuse *muerage*, wat in Ndl. vandag verouderd is, maar nog in Afrik. gehoor word as *murasie*. Verder kan

---

[1]) Dit is twyfelagtig of die Afrik. *onkleur* uit die Ned. *onkleur* stam (vgl. Ndl. Wdbk. X 1708).

[2]) Die vorm *versier* kom ook in Ndl. voor.

genoem word *skilderasie* (al die skilderwerk aan 'n huis) ens.

(3) Woordvorming deur afleiding met *-baar* het ons hierbo reeds opgemerk in *onuithoubaar, uithoubaar* ens.

(4) Die uitgang *-el* vorm frekwentatiewe in Afrik. nes *-elen* in Ndl. (vgl. DE JAGER — Freq. I). *Driewel* (Ndl. *aribbelen*) word in Afrik. veral in verband met die voetbalspel en die albasterspel gebruik, en *trippel* (Ndl. *trippelen*) word in Afrik. miskien meer van perde gesê as van mense. Verder kan hier genoem word *rittel* (Ndl. *rillen*), *vroetel* (Ndl. *wroeten*), *riffel* (vgl. die dialektiese *rijven* en die Suid-Ndl. *reef* of *rijf* = "groef"), [1]) *koggel* e. a.

(5) Nes die uitgang *-elen* vorm *-eren* frekwentatiewe in Ndl. (vgl. DE JAGER — Freq. II), en in Afrik. is daar ook enige w.w., wat op *-er* uitgaan, en wat as frekwentatiewe kan aangesien word. Ons het gesien, dat Afrik. die 17e eeuse *uiter* bewaar het, wat DE JAGER as 'n frekw. beskou. *Jakker* en *rasper* word in Afrik. in 'n uitgebreider frekw. betekenis gebruik as in Ndl., en *flenter* (rondslenter) en *kuier* nes in die Ndl. dialekte, hoewel *kuier* in Afrik. meesal nie as frekw. gebruik word nie. Miskien moet ons ook 'n frekw. betekenis sien in die dialektiese *spaanderen*, Afrik (laat) *spaander*, wat in die geadapteerde Afrik. van kleurlinge voorkom as *sabander*. [2]) *Skinder* moet as 'n frekw. van Ndl. *schenden* beskou word, en verskil van die Ndl. *schinderen*, wat DE JAGER teenoor *schinnen* stel (vgl. "Freq." II 494-5), en *syfer* staan naas Ndl. *sijpelen, sijperen, sieperen.*

(6) Die afleidingsuffiks, wat deur analogiese uitbreiding seker die grootste rol gespeel het by die woordvorming in Afrik., is *-(e)rig*. Nou moet dadelik erken word, dat hierdie agtervoegsel, nes byna al die hier genoemde voor- en agtervoegsels, 'n baie groter rol speel in die dialekte as in die "Algemeen Beskaafd", sodat dit altyd moontlik is, dat ons hier een of ander afgeleide woord as Afrik. beskou, terwyl dit ook in een of ander dialek voorkom. Wat hier moet gekonstateer word, is die omvang van die gebruik van sulke woord-

---

[1]) Vgl. Ndl. Wdbk. XIII 440.
[2]) Vgl. Ndl. *spankeren.*

vormende elemente in Afrik., want per slot van rekening is die suffikse en prefikse, sowel as die woorde self, uit Ndl. of die Ndl. dialekte oorgeërf. Dr. MANSVELT ("Id." blds. 35) en PANNEVIS het reeds die Afrik. voorliefde opgemerk vir die gebruik van die agtervoegsel *-(e)rig* (vgl. Ndl. Wdbk. op *-ig*, veral VI 1391).

Ten eerste kan hier 'n aantal met *-(e)rig* afgeleide woorde genoem word, wat in Afrik. bestaan, en wat ek in verskillende Ndl. dialekte gevind het, maar nie in die "Algemeen Beskaafd" nie, n.l. *klaerig* (dial. *klagerig*), *kletserig*, *kluiterig*, *liederig*, *puisterig*, *siekerig*, *deinserig*, e. a. Hierteenoor vertoon Ndl. ander uitgange, b.v. *klagend*, *klaagachtig*, *kluitig*, *liederlik* ens., sodat dit lyk, as of ons in Afrik. eerder met 'n verlies as met 'n wins te doen het. Dit is alleen skynbaar so, want die uitgange *-end(e)*, *-agtig*, *-ig*, *-lik* bestaan ook in Afrik., maar *-(e)rig* druk ander, gewoonlik ongunstige, betekenisnuanses uit. Soms gee die uitgang *-(e)rig* 'n ongunstige betekenis aan 'n byv. nw., en soms druk dit 'n ligte of 'n nie noukeurig bepaalbare graad van 'n hoedanigheid uit, b.v. *klaend(e)* beteken "siek, lydend", maar *klaerig* "lastig of vervelend met klagtes", *sieklik* beteken "kronies ongesteld," *siekerig* alleen "tydelik ongesteld", *deinsig* beteken "wasig" (van die lug gesê), *deinserig* druk 'n ligte en moeilik bepaalbare graad van wasigheid uit ens. Soms het die uitgang *-(e)rig* net een of meer van die uitgange *-agtig*, *-ig* ens. vervang, soms bestaan die verskillende vorme naas mekaar sonder 'n merkbare verskil van betekenis, in ander gevalle is daar 'n duidelike verskil van betekenis en in verskillende gevalle bestaan daar, vir sover ek weet, g'n Ndl. ekwiwalente nie. Die onbelangrikste, vanuit die oogpunt van die woordvorming beskou, is gevalle soos *kielierig*, wat alleen die plek ingeneem het van Ndl. *kittelig*, *kittelagtig*, [1]) en gevalle waar daar weinig betekenisverskil bestaan tussen twee vorme, soos *kluiterig—kluitagtig*, *skamerig—skaamagtig*, *klammerig—klamagtig*, *troebelrig—troebelagtig*, e. a. Maar in die volgende gevalle voel ek duidelike betekenisverskille: *reënerig—reënagtig*, *bulterig—bultig*

[1]) Die vorme *killen*, *kîlen* of *kielen* i. p. v. Ndl. *kittelen* bestaan in verskillende dialekte.

en *bultagtig, blafferig—blaffend(e), stywerig—styfagtig, kriewelrig—kriewelagtig, klipperig—klippig* en *klipagtig, kwasterig—kwastig, nukkerig—nukkig, opletterig—oplettend(e), wollerig—wollig* en *wolagtig, vervelerig—vervelende* en *vervelig, tergerig—tergend(e)* en *tergagtig, tra(g)erig—tra(g)elik* ens. In die volgende gevalle het ek in Ndl. g'n ekwiwalente, wat van dieselfde woorde afgelei en ten naastenby dieselfde betekenisse uitdruk, gevind nie: *geselserig, uitsoekerig* (vgl. *kieskeurig*), *koelerig, slegterig, goeterig, bogterig, helerig, heuperig, armrig, lêërig, neulerig, saggerig, sawwerig, dooierig, vatterig, bestellerig, toiingsrig, toeërig* e. a. Selfs *stukkenderig* en *helerig* druk vir my taalgevoel fyn geskakeerde betekenisnuanses uit in vergelyking met mekaar, sowel as teenoor die vorme *stukkend* en *heel.* Die uitgang *-(e)rig* het dus by die woordvorming in Afrik. analogies kragtig om hom heen gegryp, en die funksie ontwikkel om die fynste grade van betekenisverskil uit te druk.

(7) Op die vormdifferensiëring en die gebruik van die uitgang *-heid* (en *-geid*) het ek hierbo reeds gewys (vgl. III § 2). Onder die Afrik. woorde met hierdie afleidingsuffiks gevorm kan genoem word: *verbeeldendheid, deurmekaarheid, toiingsrigheid, toelatigheid, toeërigheid, toeheid* (*toegeid, toeigheid*), *stukkenderigheid, skaamheid* (*skaamgeid, skamigheid*) [1] e. a.

(8) Minder belangrik as die rol van *-(e)rig* is dié van *-ig* by die woordvorming in Afrik. *Levendig* i. p. v. *levend* is tamelik algemeen gewees tot in die 18e eeu, maar word vandag in betekenis van *levend* onderskei. In Afrik. het *lewendig* die vorm *lewend* gedeeltelik verdring, terwyl *allenig* en *jarig* in ruimer betekenisse gebruik word as in Ndl. Verder kan hier genoem word *agterlosig* (vgl. III § 4), *agterlatig* (naar analogie van *nalatig*), *toelatig, bedompig* (Ndl. *bedompt*), *vervelig, stuitig, teensinnig, vrotsig, regtig* ens.

Nes in verskillende Ndl. dialekte word in Afrik. soms *aaklik, akelik* gesê i. p. v. *aaklig, akelig.*

(9) Die agtervoegsel *-lik* kom voor in *(on)uithou(de)lik, vieslik* e. a., wat my in Ndl. onbekend is.

[1] Vgl. die reël: "Van *skaamgeid* sê sy: "Ja!" in die liedjie van „Môre Oompie! môre tannie!" (BOSHOFF-DU PLESSIS — „Afrik. Minneliedjies", bld. 107).

(10) Die afleidingsuffiks *-sel* vorm selfst. nw. nes in Ndl. Onder die woorde met *-sel* afgelei is die volgende my in Ndl. onbekend: *sleepsel* (van 'n slang), *snysel* (kossoort, of *snysel* lusern ens.), *swelsel*, *aanpaksel*, *trapsel* (*trapsel* koring, vgl. *snysel* lusern), *opdrifsels* ens. In de meeste gevalle gee die agtervoegsel *-sel* 'n kollektiewe betekenis aan die afgeleide woord.

(11) Afrik. ken verskillende min of meer verouderde woorde, wat al in 17e eeuse Ndl. voorkom en nog gedeeltelik in die Ndl. dialekte in gebruik is, en wat gevorm is met die afleidingsuffiks *-te*, soos *diefte*, *gewente* (naas *gewoonte*), *behoorte*. *Duurte* word nie alleen gebruik in verband met die standaard van pryse nie, soos in Ndl., maar ook in verband met die langdurigheid van droogte ens. Verder kom voor *jammerte*, *vrekte* (van vee) ens [1]).

Daar is by die woordvorming in Afrik. dus selfstandig oortgebou op en met die oorgeërfde taalmateriaal, en dit sal op oortuigende wyse blyk by die behandeling van die Afrik. samestellinge.

---

§ 7. **Samestelling.**

Samestelling is ongetwyfeld een van die belangrikste metodes van woordvorming, en een van die belangrikste middels tot uitbreiding van 'n taal se woordvoorraad. Die geskiktheid van Afrik. om uit sy oorgeërfde gegewens in die nuwe behoeftes te voorsien, sal dan ook veral uit die Afrik. samestellinge moét blyk. Ook leenwoorde kan selfstandig gekombineer word tot nuwe woorde.

Ons kan die Afrik. samestellinge behandel naar gelang van psigologiese of van logiese vormkategorieë. Ons kan vra naar die verskil en verband tussen afleiding en samestelling, tussen samestelling en afleidende samestelling, tussen eienlike en oneienlike samestelling, en daarby ondersoorte onderskei soos agglutinerende samestellinge en "sandhi"- en "dvandva"- komposita. Maar sulke suiwer formalistiese onderskeidinge gee m. i. g'n verklaring van die taalwerklikheid nie, hoewel ons by die behandeling

---

[1]) Vir die gebruik van *-ing* vgl. o. a. SCHONKEN — "Oorspr. d. K.-H. Volksoverl." blds. 131.

van bepaalde vormkategorieë, soos reduplikasievorme ens., daarvan gebruik kan maak. Die basis van my ondersoek is psigologies en kultuurwetenskaplik en nie grammaties nie: die betekenisinhoud, gebruiksfere en gevoelswaarde van woorde en gesegdes leer ons m. i. meer omtrent die volk en die taal as die woordvorme.

Alleen waar die woordvorme 'n hulpmiddel kan wees om die herkoms en gebruik van woorde te bepaal, het die kennis van sulke vormverskynsels enige kultuurhistoriese waarde. Daarom het ek gemeen om by die behandeling van die Afrik. samestellinge, nes by die ondersoek naar die Afrik. erfgoed, van die geesteslewe van die Afrik. volk te moet uitgaan, van die aanraking van die volk met 'n nuwe wêreld met sy eie plantegroei en dieresoorte, 'n vreemde bodem met nuwe lewenskondiesies. Nog die rubrieke nog die getalle van die gegewe voorbeelde moet beskou word as gelykstaande met 'n poging om die stof enigsins uit te put. In werklikheid vorm die Afrik. samestellinge, van 'n taaloogpunt besien, 'n goudmyn, wat nog lang nie uitgeput sal wees nie. Ander soekers sal nog onontdekte goudare aanwys of langs die reeds aangewese weg skatte uit die nuwe kwarts te voorskyn haal. Alleen hier en daar kan so'n vonds met enige uitvoerigheid bespreek word; die ander voorbeelde sal vir hulself moet praat. Die volgende rubrisering van Afrik. samestellinge wil dus alleen 'n leidraad bied by 'n uitvoeriger ondersoek, wat nog moet gemaak word.

(a) In verband met die plantewêreld.

Ons kan die plante verdeel in twee hoofgroepe (1) wilde en (2) gekweekte. Die eerste groep kan weer onderverdeel word in bome, struike, bossies, veldgewasse, grassoorte, blomme ens. In plaas van hierdie onderverdeling tot in die oneindige te vervolg, waarby telkens weer dieselfde motiewe by die naamgewing sal moet gekonstateer word, kan gelet word op die kruising van die verskillende motiewe by die naamgewing aan die verskillende soorte wilde plante.

Die nuwe vaderland het die Afrik. volk in onmiddellike aanraking gebring met 'n vreemde plante- en dierewêreld, en gevolgelik dank verskillende plante hulle name aan die opgemerkte verband tussen die lewe van die diere en die

plante, aan die feit dat verkillende plante aan verskillende diere kos of 'n skuiling verskaf, of dat bepaalde plante soms ooreenkoms in vorm of reuk met sekere diere vertoon, of dat sommige plante op die een of ander manier met die lewe van die diere geassosiëer word, b.v. *apiesdoring, apieskos, (a)asvoëlbessie, buffeldoring, buffelgras, bobbejaanoor, bobbejaantou, bobbejaanblom, bobbejaanvelskoen, bobbejaanuintjie, bobbejaankos, bobbejaanstert, bosluisblom, dassiebos, dassiekou, elandsdoring, elandsvyg, elandsboontjie, elandswortel, hondepisbossie, hartbeeskos, jakhalskos, jakhalsbos, jakhalsbessie, jakhalsstert, kameeldoring, otterblom, muishondblare, olifantsgras, olifantsoor, renosterbossie, ribbokblom, skilpadbessie, skilpadblom, skilpadkos, springbokbessie, skaapdrolletjie, steenbokriet, tierhout, vlieëbossie, wolwegif, ystervarkwortel, volstruisdoring, volstruisgras, wildebeesgras* e.a.

Die gebruik van party van hierdie plantname in Suid-Afrika kan ons met behulp van die bestaande reisjoernale selfs min of meer dateer. So moes b.v. die benaming *renosterbos(sie)* al betrekkelik vroeg in Suid-Afrika bekend gewees het, want in 'n reisverhaal van 1685-6 lees ons al van 'n "*rinocerbosch*, alhier zo genaamt, omdat dezelve daar gemeenlyk in legeren" (vgl. GODEÉ MOLSBERGEN — "R. in Z. A." I 154). Aan die ander kant is die benaming *kameeldoring* miskien 'n eeu later as *renosterbos* in gebruik gekom, want in die meergenoemde joernaal van HENDRIK WIKAR van 1778 lees ons: "Den Hottentot CLAAS BAREND zeyd dat JACOBUS KOETZE met zijn eerste togt dezen boom alzo den naam gegeeven heeft, dewyle de kameelepeerde meestendeels in de toppe van deeze boomen vreeten" (GODEÉ MOLSBERGEN — "R. in Z. A." II 92). Ook hier sal die analogie seker meegewerk het. Is eenmaal 'n naam soos *bobbejaankos* gevorm, dan kon gemaklik volg: *bobbejaanappel, bobbejaanuintjie* ens., hoewel ons nie altyd weet welke naam eerste ontstaan is nie.

Maar ook langs 'n ander weg kan ons die opkoms van sulke samegestelde plantname dateer. Ons weet b.v. dat die koloniste eers betreklik laat in die 18e eeu kennis gemaak het met die wildebees [1]), sodat 'n naam soos *wildebeesgras* op sy vroegste uit die end van die 18e eeu kan stam. Langs hierdie weg kan ons ook die gebruik van verskillende plantname dateer, wat op een of ander manier

[1]) Vgl. GODÉE MOLSBERGEN — "R. in Z. A." II 163.

met die name van inboorlingstamme geassosiëer is, b.v. *boesmanstee*, *boesmansgif*, *boesmansgras*, *hotnotskooigoed*, *hotnotsvyg*, *hotnotsriem*, *hotnotsboontjie*, *kafferbrood*, *kafferwortel*, *kafferdoring*, *matabelieblom*, *sonkwasriet*, *tamboekiegras*, *tamboekiedoring* e.a. Ook met sulke samestellinge moet 'n mens versigtig wees. So is *kaffer(s)kuil* [1]) lang voor die kennismaking met die Kafferstamme gevorm waarskynlik naar analogie van *papkuil*, waarmee die benaming dan ook in toepassing verwar word (vgl. "Huisgenoot", Maart 1921 blds. 455, en Julie 1921, blds. 98). Daar is m.i. baie sterk redes om aan 'n sodanige oorsprong van die naam *kaffer(s)-kuil* te glo. Die plantnaam *papkuil* is in Afrik. oorgeërf, en dank sy oorsprong aan die vorm van sy sade. Op dieselfde manier as *papkuil* is in Afrik. gevorm plantname soos: *perdepramboom*, *sambokbos*, *sambreelboom*, *kiepersolboom*, *velskoenblaar* e.a.

Naas die motief van die vergelyking by die naamgewing tree dié van die beskrywing op, en dan word gelet op die vorm of kleur ens., soos in *deurmekaarbos*, *blinkblaarboom*, *bloubos*, op die reuk soos in *stinkolieblaar*, *muishondkruie*, *muishondleventel*, *perdepisbossie*, op die smaak soos in *bitterbessiebos*, *brakbos*, *brakslaai*, *brakvye* of op eienskappe soos taaiheid ens. b. v. *ag-os-tou*, *altydbos*, *jong-os-gras*, *kanniedoodbossie*, *luihout*, *ouhout*, *kliphout*, *taaibos* e.a Sulke agglutinerende samestellinge soos *ag-os-tou*, *jong-os-gras* en *kanniedoodbossie* sien ons ook in 'n aantal tekenende plantname soos: *wag-'n-bietjie-boom*, *haak-en-steek-doring*, *droog-my-keel-bessie*, *kommetjie-teewater* e.a.

Enkele sulke name vertel ons van die (soms legendariese) geneeskragte van die plante, b.v. *ag-dae-genees-bossie*, *stuipebossie*, *maagpynbossie*, *tandpynwortel* e.a. of van die (soms veronderstelde) produkte van die plante, b.v. *kasterolieplant*, *krimmeta(r)tboom*, *(h)arpuisbossie* ens. Uit die benaming *koorsboom* moet ons egter nie aflei, dat die boom geneeskundige kragte teen koors besit nie, maar dat dit in streke aard, waar die koors heers.

Ander plantname vertel ons van die praktiese doeleindes, wat hulle dien of miskien vroeër gedien het, b.v. *asgaaihoutboom*, *kokerboom*, *basboom*, *bergbas*, *matjiesgoed*, *waboom* e.a., van die wyse van hulle voortplanting, b.v. *voëlent*, of die tyd van hulle groei, b.v. *misrybol*.

---

[1]) Vgl. Ndl Wdbk. VII 862.

Ander plantname is met die name van persone en plekke geassosiëer, b.v. *van-der-Merwe-kruie, meidjie-Willemse, Klaas-Louw-bossie, Terblanche-boom, Karodoring, Karobossie, Moltenosiekte-bos* ens.

By die naamgewing aan verskillende plante speel historiese feite en gebeurtenisse 'n rol: so wys die naam *boetebossie* op die feit, dat boere, wat die bossie nie uitroei nie, beboet word, en die benaming *kakiebossie* het sy oorsprong aan die Anglo-Boere Oorlog (1899-1902) te danke (vgl. MARLOTH — "The Common Names of Plants", blds. 48).

'n Groep van plantname, vanuit 'n taaloogpunt beskou, vorm 'n aantal hibriediese samestellinge, waarvan die eerste deel uit een of ander inboorlingtaal ontleen is, b.v. *boegoekruid, boegoekweek, gannabos, ghwarriebos, kareeboom, kieriehout*, of anders die twede deel, b.v. *bergbaro, klipboegoe, klipdagga, soetgonna* ens.

Daar die aangekweekte plantsoorte grotendeels algemeen bekende kultuurplante is, sou 'n mens op hierdie gebied minder selfstandigheid by die naamgewing verwag, maar ook hier was nog ruimte genoeg vir oorspronklikheid. Daartoe het veral meegewerk die kweking van enkele vroeër onbekende soorte en die suksesvolle kruising by sulke gunstige klimatologiese kondiesies van welbekende soorte. Resultate van sulke kruisinge van vrugte moet ons in die name *appelkoosamandel, appelkoosperske, appelkoospruim, amandelperkse* e.a. sien. *Amandelpruim* is egter ook in Ndl. bekend, en in *tamatiepruim* moet ons nie so'n "dvandva"-samestelling ten gevolge van 'n kruising sien nie, maar 'n deur die uiterlikheid van die vrug veroorsaakte volksnaam vir 'n *persimmon* ("diospyros kaki").

Sulke beskrywende plant- en vrugtename is ook die volgende: *grootvrug, kinderkop, lospitperske, taaipitperske, piesangvyg, groenskilnartjie, buffelvelboontjies, groendruiwe, nôiensborsies, steendruiwe, pampoenpatat, kalbaspatat, swartbekboontjies, skilderboontjies, vingerblaarpatat*, e.a. 'n Benaming soos *murg-van-groente* laat sterk dink aan vertaling uit Eng. *vegetable marrow*, maar sulke veronderstellinge is altyd gewaagd. Moet ons dan b.v. by *taaipitperske* en *lospitperske* ook dink aan vertalinge uit die Eng. *clingstone* (peach) en *freestone* (peach)?

Sommige vrugtename vertel van die geskiktheid van die vrugte vir gebruik, of omtrent die tyd wanneer hulle al of nog te vind is, b. v. *oumenspeer, ounôienspeer, nuwe-*

jaarsappel, desemberpeer, tafeldruiwe, eetdruiwe, en hierby kan gereken word woorde soos *nadruiwe, natros* ens.

Ander name van aangekweekte plante word weer nes dié van verskillende wilde plante met die name van inboorlingstamme geassosiëer, soos: *kafferkoring* ("sorghum caffrorum"), *kaffermielies, kafferw(a)a(r)tlemoen* (eintlik 'n wilde plant wat egter ook aangekweek word), *boesmanmielies* ens.

Net so min as in die geval van *kaffer(s)kuil* moet ons ons voorstel, dat *kafferkoring* eers na die aanraking met die Kafferstamme in gebruik gekom het as die benaming vir die "sorghum caffrorum", die oorspronklike "mielie" van die Goudkus (vgl. II § 6).

Nes by die benaminge *Klaas-Louw-bossie* en *Karobossie* vind ons by die name van gekweekte plante assosiasie met bepaalde persone en plekke, b. v. *Japie-van-der-Merweperske, Versveldappel, Wemmershoekappel, Franshoekboontjie* ens. Sodra die eienaam nie meer herken word nie, vind ons klank- en vormverbasteringe soos *pronsaalboontjie, parmesaalboontjie,*[1] *provesaalboontjie*, almal vervorminge van die naam van 'n soort boontjie, wat waarskynlik van Provence afkomstig was.

(b) In verband met die dierewêreld.

Ons kan by die behandeling van die naamgewing aan die diere dieselfde metode volg as in die vorige paragraaf oor die plante, en die diere verdeel in twee hoofgroepe: (1) wilde en (2) mak diere. Die eerste groep kan dan weer onderverdeel word in groot- en kleinwild, roofdiere, voëls, reptiele, insektes ens. Ook hier sal ons dieselfde motiewe of die kruising van soortgelyke motiewe as by die naamgewing aan die plante vind. Hier moet dus ook weer meer op die motiewe by die naamgewing as op die skematiese verdeling van die diersoorte gelet word.

In die volgende gevalle is die kleur en uiterlike kenmerke van die diere verantwoordelik gewees vir hulle name: *ôlesbok, rooibok, grysbok, bloubok, swartbok, kommetjiesgatbok, kringgatbok, bontbok, swartwitpensbok, swartmaanhaarleeu, bontpootleeu, poenskop-olifant, maanhaarjakhals, kommetjiesgatmuishond, kolhaas, rooihaas, kolmol, blesmol,*

[1]) Was hier miskien kontaminasie met *parmezaan*? (vgl. Ndl. Wdbk. XII 514).

vaalmol, rooimierkat, waaierstertmierkat, stokstertmierkat, streepmuis, rooikat, bontkat, bleshoender, glasogie, hamerkop, rooibekkie, streepkoppie, eweskerp, kuifkop, kringgatvoël, bontrokkie, soutvaatjie, grootgatvoëltjie, jangroentjie, rinkhalskraai, witborskraai, bloukop-klipsalmander, rinkhalsslang, skurwejantjie, hamelstertgeitjie, krompokkeltjie, geelslang, swartslang, wipgatmier, bakkopslang, blouluis, bontbosluis, goudbesie, kortonderbekvis ens.

Die uiterlike kenmerke van die diere van Suid-Afrika is dus goed opgemerk deur die spraakmakende gemeente, en ook hulle verhoudinge tot hulle omgewing, hulle gelieſkoosde skuil- en lêplekke, hulle woonplekke ens. Op sulke waarneminge berus die volgende diername: *bosbok, rietbok, vlakbok, waterbok, klipbok, vlakvark, boskruipertjie, duinspreeu, bergkanarie, strandlopertjie, klipsalmander, klipdas, klipkous*, e. a.

Ook in hulle gewoontes en lewenswyse is die diere bespied geword, soos blyk uit die volgende name: *klipspringer, draaijakhals, krimpvarkie, rolystervarkie, tabaksrolletjie, miskruier, padloper, blaasop, brulpadda, koggelmannetjie, brulvoël, koestertjie, koeslewerkie, skaapwagtertjie, kapokvoëltjie, boomsingertjie, dagbrekertjie, dakbrekertjie, houtkapper, nagslang, nagadder, pofadder, wynvliegie, pisindiekooi, koringkriek, dopspinnekop, malkoppie, balbytermier, voetgangersprinkhaan, broekmannetjie, grashuisie, trapsoetjies, verkleurmannetjie, langasemvoël, spuugslang, oogpistertjie*, ens.

Die diere ken ook die stryd om die bestaan, vandaar die name: *strandjut*(strandwolf), *(a)asvoël* (vgl. Ndl. *aasgier*), *lammervanger, muisvoël, visvangertjie, skaapsteker, molslang, bobbejaanspinnekop, kanariebyter, janfiskaal, laksman, spreeuvalk, muisuil*, ens.

Soms is die ooreenkoms tussen wilde diere en mak soorte opgemerk, vandaar die name: *wildebees, wildeperd* (sebra), *wilde-esel* (kwagga) [1]), *wildehond, wildekat, wildehoender, wilde-eend, wildemakou*, e. a.

Soms is die benaminge misleidend, want *Namakwaduif* is die naam van 'n duifie, wat nie net in Namakwaland bekend is nie, en *Jerusalemponies* (eufemistiese benaming vir luise) staan glad nie in direkte verband met Palestina of perde nie. *Rhodesvoël* wys egter op die invoerder van dié voëlsoort, en *Hotnotsgod* op die vroeër verering deur

---

[1]) Vgl. SPARMAN — "Reize" I 157 en 159.

die Hottentotte van die "mantis". KOLBE verseker ons, dat hy die Hottentotte die "mantis" sien aanbid het, maar SPARMAN het dit vir sy tyd teëgespreek. Tog skyn dit as of die "mantis" deur die Hottentotte in die ou tyd vereer is.[1]) Hierdie verering vir die "mantis" skyn die Hottentotte van die Boesmans oorgeneem te hê deur middel van gevange Boesmanmeidjies, wat hulle tot vroue geneem het.[2]) In die Vrystaat het ek die naam *Hotnotsgod* ook, behalwe op die "mantis", nog hoor toepas op die diertjie, wat bekend is onder die volgende name: *ouvolk*, *skurwejantjie*, *karkoehotnot*. Daar is hier dus blykbaar 'n verwarring, waartoe die benaming *karkoehotnot* miskien aanleiding kon gegee het.

'n Belangrike rubriek vorm die diername, waarby klanknabootsing 'n rol gespeel het. Hierdie afdeling verdien wel afsonderlike behandeling, omdat Afrik. ook nog ander onomatopeë as diername ken. Dit is 'n natuurlike verskynsel, dat die mens die klanke van diere en dinge naboots in sy taal, en sommige geleerdes het dan ook daarin die oorprong van die taal gesoek. Maar die ontwikkeling van die taalwetenskap, en in die besonder van die fonologie en die etimologie, het die onhoudbaarheid aangewys van 'n teorie, wat in die meeste woorde onomatopeë wou sien. Tog berus 'n groot aantal samestellinge in alle tale op „Lauturschöpfung" (vgl. PAUL- "Prinz". IX). En hieraan het Afrik. ruim sy deel, en wel om die volgende redes:

(1) Afrik. het die meeste Ndl. klanknabootsinge oorgeërf, soos *gons*, *knor*, *korhaan* (voël), *knorhaan* (vis), *kiewiet* e a.
(2) Tot die Afrik. erfgoed behoor ook enige onomatopeë, wat in die Ndl. dialekte voorkom, maar nie in die "Algemeen Beskaafd" nie, soos *runnik*, *kokkewiet* e. a.[3]).
(3) Afrik. het uit verskillende tale, veral uit die inboor-

---

[1]) Vgl. THEAL — „Ethn. and Cond. of S. A." blds. 107.
[2]) „ STOW — "The Native Races of S. A.", blds. 131 vgg.
[3]) Die heer J. LE ROUX het *kokkewiet* ten onregte vir 'n Afrik. klanknabootsing gehou (vgl. "Handleiding," blds. 79.) Die woord word in Afrik. ook nog as *kokwyt* en *kokkewyt* uitgespreek (vgl. "Huisgenoot", Maart 1921, blds. 455, en *kockwt-voghel* by Kiliaen). Die klank van die voël se geskreeu sal egter gehelp het om die oorgeërfde naam juis op hom te laat toepas. Die naam self is egter al Mnl.

lingtale, 'n aantal klanknabootsende woorde ontleen, soos *ghoera*, *ghoeboe*, *mahem*, e. a.[1]).

(4) Daarby moet nog die Afrik. onomatopeë gereken word, soos *woerts*, *woeps*, *perdomps*, *koeka*, *klerts*, *toktokkie* (kinderspel), *woer-woer* (naam van 'n kinderspeeltuig, waarvan die gebruik van die Boesmans geleer is volgens SCHONKEN- "Oorspr. d. K.-H. Volksoverl." blds. 149).

As ons THUNBERG[2]) se getuienis kan glo, dan is die plantnaam *tjinkere-tjing* ook 'n klanknabootsing.

Maar hier moet veral gelet word op die Afrik. klanknabootsende name van diere, en dan kom die voëls eerste in aanmerking. Die volgende is, vir sover ek weet, Afrik. klanknabootsende voëlname:

Janfrederik, *Jandiederik*, *Janpiedewiet* (of *piedewiet*, *pierewiet*),[3]) *Jantaterak* (of *taterak*, *Jantatra*), *Piet-ses-perde-wa*, *Piet-my-vrou*, *Piet-tjou-tjou*, *Piet-maak-gou*, *pie-pa-pou*, *poppelwiet*, *bokmakierie*, *kelkiewyn*, *bietjiereën* (kiewiet), *Dokter Haarhof* (korhaan), *Jan-Wragtie* (of *Wragtie-Wragtie*, korhaan), *Jaapjapie*, *Dirkdirkie*, *kwêvoël*, *kôvoël*, *poepoe* (kuifkop), *koerkoerduif*, *ting-tinkie*, en waarskynlik moet nog hierby gereken word name soos: *klap-klappie* of *klap-klappertjie*, *katlagter*, *mietjie* en *Pietjie-kanarie* ens. Dit is duidelik, dat ons hier soms met verskillende poginge te doen het om een en dieselfde klank weer te gee. Daardeur kan daar natuurlik verwarring ontstaan, met die gevolg, dat 'n bepaalde voël ten slotte verskillende name kry, wat oorspronkelik op ander toegepas was. So skrywe Prof. SMITH b.v.: "*Janfrederik* ken ek ook as *taterak* of *jantaterak* en *piedewiet* of *janpiedewiet*" ("Huisgenoot", Maart 1921, blds. 455). In my spraakgebruik is dit weer anders: daarin staan *Janfrederik* en *Janpierewiet* vir verskillende voëls, terwyl *Jantaterak* dieselfde is as *Jandiederik*.

Nes by die plantname kan ons ook by sulke klanknabootsende voëlname enkele interessante gegewens uit die ou Kaapse reisjoernale opdiep. So vertel SPARMAN ons van 'n voël, wat *hagedasch* of *hadelde* genoem word

---

[1]) Oor klanknabootsing in die inboorlingtale vgl. o. a. TORREND — "Comp. Gramm." blds. 139.

[2]) Vgl. "Travels" I 153.

[3]) Die Ndl. *pierewiet* (waarsk. < Fr. *pirouette*) word anders gebruik as in Afrik., wat dit egter nes Ndl. in die bekende deuntjie bewaar het.

naar sy geskreeu (vgl. "Reize" I 317). Dit is waarskynlik dieselfde voël, wat vandag genoem word *hadada* of *hadida*, maar daar is rede om te vermoed, dat hierdie onomatopee nes *mahem* van die taal van die Bantoestamme oorgeneem is. En ons het reeds gesien, dat KOLBE, waarskynlik ten onregte, die naam *ratel* toegeskrywe het aan die geluid, wat die diertjie sou maak. LE VAILLANT, dié vlytige voëlversamelaar, vertel ons van 'n voël, wat skreeu "*di di didric* .... om deeze reden heb ik hem den *didric* genaamd" ("Reize" I 308), en van nog 'n ander voël, wat skreeu: "*Piet me vrouw! Piet me vrouw!*" ("Reize", II 277). [1])

Ook ander diere as voëls het hulle name aan klanknabootsing te danke, b. v. *toktokkie* en miskien ook *doemdoempie* (vgl. Patr. Wdbk., my onbekend), *oudak* ("padda", MANSVELT-"Id.", my ook onbekend) en *otjie* (vark). Volgens persoonlike medelinge kom die woord *otjie* ook gewestelik in die kindertaal voor in Ndl., maar tot my spyt het ek g'n noukeurige gegewens om hieroor 'n beslissende oordeel uit te spreek nie. Trouens, sulke klanknabootsende benaminge kan uit die aard van die saak oral spontaan voorkom, en staan min of meer op een lyn met uitroepinge, wat by verskillende volke dikwels byna dieselfde is (vgl. II § 7 (b)). Daar is ook 'n vis, wat *otjie* heet ("Pristipoma bennettii"), of met 'n ander klanknabootsende naam *gor-gor* genoem word (vgl. PETTMAN-"Africanderisms", bldss. 120 en 353). Volgens PETTMAN vermeld GILCHRIST nog 'n ander klanknabootsende visnaam, *tshokka* (of *tschokka*? of *tjokka*? vgl. "Africanderisms" blds. 517—8). Tot my spyt was ek nie in die geleentheid om GILCHRIST se belangrike "History of the Local Names of Cape Fish" te kan raadpleeg nie, en BLEEKER behandel feitelik net die wetenskaplike name van die Kaapse vissoorte [2]).

Met die woord *otjie* is ons reeds vanself op die gebied van die mak diere gekom, en by die terminologie van die veeboerdery merk ons dieselfde oorspronkelikheid en selfstandigheid as by die naamgewing aan die kultuurplante. Dit sou 'n mens dan ook verwag by 'n boerevolk, wat

---

[1]) Of ons LE VAILANT se verklaringe kan vertrou, laat ek in die midde.

[2]) Vgl. P. BLEEKER — "Over eenige Vischsoorten van de Kaap de Goede Hoop" (in "Natuurkundig Tijdschrift voor Nederlandsch Indië" XXI 1860 blds. 49 vgg.)
Die naam *otjie* (vir 'n vark) sluit tamelik goed aan by die Ndl. gebruik van *otje* (vgl. Ndl. Wdbk. XI 1518).

oor die hele uitgestrekte landgebied van Tafelberg tot aan die Limpopo nog altyd die aandag aan die veeboerdery gegee het, terwyl die landbou deur allerlei faktore soos bodemsgesteldheid, klimaat, reënval ens. in verskillende dele van die subtropiese subkontinent beperk word.

Ons kan begin met die opnoeming van eiename gegee aan osse: *Potberg, Swartberg, Blouberg, Tafelberg, Platberg, Koeberg, Rondeberg, Skoonberg, Witsenberg*, name, wat getuig van gespierde krag; *Rooiman, Swartland, Rinkhals, Witkwas, Janbloed, Haelveld*, wat getuig van kleurwaarneming en *Soetland, Vastrap, Boosman, Kwaaiman, Wysman, Warmberg*, wat getuig van die geaardheid van die diere [1]). By die koeiname word minder op die krag as op die kleur van die diere gelet, vandaar: *Bandom, Bontrok, Bontlap, Rooimuis, Skildermuis, Swartmuis, Streepmuis*, ens. of anders word op die geaardheid van die koeie by die melkery gelet, vandaar: *Stilstaan, Uitskop, Emmerskop* ens.

Verder stam uit die beesboerdery benaminge soos: *agteros, vooros, naasagter, naasvoor, haarvoor, hotagter, hot-op-ses, karringmelkspan, bontspan, kleurspan, onkleurspan, mofbees, Afrikanerbees, bruingeelbekbees, Madagaskaros, poenskopkoei, Damarabees* ens. Benaminge soos *Madagaskarbees* en *Damarabees* wys waarskynlik op die oord van die betrokke beeste se herkoms, maar 'n mens moet versigtig wees met sulke konklusies in die geval van *Afrikanerbees*. Uit die bogenoemde voorbeelde blyk voldoende, watter rol die analogie by die naamgewing speel, en daar ons ook name soos *Afrikanerskaap* ken, is dit gewaag om dadelik uit die name konklusies omtrent die oord van herkoms te trek. Met sulke gevalle het ons miskien ook te doen in die benaminge van wilde diere, soos *Namakwapatrys, Namakwaduif* e. a.

Ook die perdeboerdery lewer sy eienaardige Afrik. benaminge, b. v. *veldperd, Basoetoeponie* e. a., sowel as eiename vir perde soos: *Kolbooi, Kolbles, Hartbeesvanger* e. a. [2]).

Naas die boerdery in grootvee staan die kleinveeboerdery met sy eie woordvoorraad: *konkelooi, horingsmanooi,*

---

[1]) Vgl. SCHONKEN — "Oorspr. d. K.-H. Volksoverl.", blds. 97. Mooi historiese voorbeelde is te vind in LOUIS TRIGARDT se "Dagboek" (vgl. o. a. blds. 289).

[2]) Vgl. BOSHOFF-DU PLESSIS — "Afrik. Minneliedjies", blds. 131. Die neiging is sterk om Eng. name aan perde te gee, vgl. IV § 6.

vasmaakooi, weggooiooi, koggelooi, weggooilam, swartskaap, swartwolskaap, kortbeenskaap, steekhaarskaap, mofskaap, basterskaap, ramhamel, poenskopooi, droëooi, winterlam, kafferbok, sybok, boerboek, wolhaarbok, waarby nog verskillende ander samestellinge met *bok* kan genoem word (vgl. II § 1).

Selfs die pluimveeboerdery is verantwoordelik gewees vir verskillende selfstandige samestellinge: *kapokhaantjie, kapokhoendertjie, kapokhennetjie, kortpoothoender, veerpoothoender, verkeerdeveerhoender, kalkoenmannetjie, kalkoenwyfie,*[1]) *eendmannetjie, makoumannetjie, gansmannetjie, ganswyfie, kafferhoender* e.a. Dit is gebruikelik in Afrik. om alle veesoorte, wat nie 'n bekende stamboom het nie, aan te dui deur middel van samestellinge met *kaffer*, vandaar benaminge soos: *kafferbees, kafferperd, kafferskaap, kafferbok, kafferhoender* ens.

(c). In verband met die boerebedryf.

Met die behandeling van die name van kultuurplante en huisdiere ens. het ons reeds die gebied van die boerebedryf betree. Trouens die lewe self is baie veelsydiger en gekompliseerder as alle skematiese indelinge daarvan. So behoor die name van kultuurplante en huisdiere tuis by die plante- en dierewêreld, maar ook by die boerebedryf, en aan die ander kant is die boerebedryf weer veelsydiger as landbou en veeteelt. Maar by die omgang met die diere en die bewerking van die plante, sowel as by die bearbeiding van die bodem en by die boerebedryf in die algemeen is die spraakmakende gemeente ook in taalopsigte werksaam gewees, behalwe vir sover dit reeds by die naamgewing gebeur het. Op enkele van die resultate van dié taalaktiwiteit kan hier gelet word.

Ons kan begin met die vermelding van verskillende benaminge vir siekteverskynsels onder veediere: *bloedpens, bloukopsiekte, bloutong, blouuier, brandsiekte, brandseersiekte, agteroorsiekte, lamsiekte, gallamsiekte, malkopsiekte, nuwesiekte, ooskuskoors, bosluiskoors, rooiwater, wurgsiekte, geilsiekte, klousiekte* (Ndl. *klauwzeer*), *sponssiekte* ens., en verder die name vir die verskillende oormerke van vee: *skuinsoor, stompoor, swawelstert* (anders as Ndl.), *winkelhaak* (anders as Ndl.), *halfmaantjie, jukskeikerf* ens.

---

[1]) Vir die geslagsbepaling deur middel van *-mannetjie* en *-wyfie* vgl. o.a. „Die Huisgenoot" van Junie, 1921, blds. 63.

Verder staan in verband met die veeboerdery woorde van allerlei aard: *bees* —, *bok* —, *skaap* — en *veekraal*, *veepaadjie*, *vangstok* (anders as Ndl.), *tiethoring*, *melkmeuletjie* (= "roomafskeier", gevorm naar analogie van *koffiemeuletjie*), *slagding*, *slaggoed*, *kniehalterspan*, *oorkruisspan*, *agteropskop*, *afbeenkoei*, *kraalmuur*, *skeerkraal*, *perdekooigoed*, *voorbrand* ens. In enkele gevalle soos *swawelstert*, *winkelhaak*, *vangstok* bestaan die samestellinge ook in Ndl., maar met verskil van betekenis, sodat sulke woorde hulle spesiale betekenis in Suid-Afrika kan ontwikkel hê of nuwe samestellinge kan wees. In ander gevalle, soos *melkmeuletjie*, moet ons produkte van die analogiewerking sien by die samestelling, en in gevalle soos *klousiekte* het ons Ndl. parallelle.

So lewer ook die landboubedryf sy eienaardige samestellinge: *trapbalie*, *kuipbalie*, *mosbalie*, *dopbrandewyn*, *rosyntjiebaan*, *parstyd*, *traptyd*, *wanvloer*, *mielievloer*, *oulande*, *uitkaf*, *sugsloot*, *drooglandboerdery*, *waterreg*, *wendam*, *leidam*, *vangdam*, *dolfland* e.a. Sommige van hierdie samestellinge is hoofsakelik in gebruik in die wyndistrikte van die Kaap Kolonie, ander daarvan staan weer meer in verband met die saaiboerdery in die Vrystaat en Transvaal. In hoever b.v. die Traansvaalse *perskebrandewyn* en die Vrystaatse *mieliebrandewyn* ook buitekant daardie provinsies bekend is, weet ek nie, maar dié soorte brandewyn sal wel tamelik algemeen bekend wees, en dus moontlik ook die name. In ander gevalle het ons met produkte te doen, wat net in 'n bepaalde distrik bekend is, en gevolgelik is die gebruik van die name ook beperk, soos in die geval van die Potchefstroomse *Schoemansdop*. Ander sulke lokale produkte is weer as handelsartiekels algemeen bekend: *Constantiawyn*, *Magaliesbergtabak* e.a.

(d) **In verband met jag, kommandodiens en trek.**

In die nuwe vaderland, wat oortrek was met wild van byna alle soorte, moes die Afrikaanse boer al heel gou die liefde vir die jag ontwikkel het. Die jagtersnatuur is vir 'n deel 'n ingebore algemeen-menslike eienskap, maar die Afrikaanse lewe het baie sterk aanleiding daartoe gegee om juis daardie eienskap so sterk op die voorgrond te laat tree en ontwikkel. Jag moes dikwels op die wilde diere gemaak word, nie om die jagtersnatuur te bevredig nie, maar om in die eie behoeftes te voorsien: die boer

moes vleis, skoene, klere, stoele (b.v. riempiesmatstoele en voustoele), komberse (b.v. velkomberse of velkarosse) swepe, riempies, tuie, stroppe ens. hê. Lang nie altyd kon hy uit sy eie slagvee of deur ruil- en koophandel in al sulke behoeftes voorsien nie. Daarvoor was die jag 'n aangewese middel. Maar die boere moes dikwels 'n hele veldtog teen die wilde roofdiere, leeus, tiere, wolwe, jakhalse ens. onderneem om hulle eie vee te beskerm, en tot vandag toe bestaan daar nog "jakhalsjagverenigingе". En in tye van droogte was daar vroeër meer as eens gevaar, dat die wild die gras sou opvreet, wat vir die vee absoluut onontbeerlik was. Daardeur moes die jag hom uitstrek tot die onskadelike wilde diere, selfs al was die vernieling en uitroeiing daarvan nie direk nodig of nuttig nie. Die beoefening van die boerebedryf het in Suid-Afrika dus in die nouste verband gestaan met die jag, en dit is dikwels moeilik om uit te maak of 'n bepaalde Afrik. woord of uitdrukking uit die gebruiksfeer van die boerebedryf of van die jag stam.

So het die boerebedryf, sowel as die jag, trektogte nodig gemaak. Droogte, die verandering van die jaargetye, die noodsakelikheid van verandering van weiveld vir die vee en allerlei siektes onder die vee het die boere verplig om met hulle vee rond te trek, en van die 18e eeu af tot vandag toe is daar boerefamielies in die groot Suid-Afrikaanse subkontinent wat feitelik 'n nomadiese lewe lei. Sulke trektogte het dikwels in verband gestaan met die jag, soos vandag nog in die Transvaal jagtogte onderneem word naar die Bosveld toe. Naas en in verband met die jagtersnatuur het die trekkersgees ontwikkel, en daartoe het o.a. ook politieke gebeurtenisse aanleiding gegee: ek hoef alleen te herinner aan die "Groot Trek", die "Dorslandtrek" en die verhuising van Afrik. famielies naar Argentinië, Meksiko ens. Hierdie laaste gebeurtenis staan in verband met die Vryheidsoorlog (1899—1902); maar staan die "Groot Trek" nie ook in verband met die Kafferoorloge in die Kaap Kolonie, en met die op die "Trek" gevolgde stryd tussen boer en barbaar nie? So sien ons ook dikwels 'n kousale verband tussen die trekkerslewe en die kommandolewe. Die Afrik. boer is nog altyd gewees jagter, trekker en krygsman tegelyk, sodat woorde en uitdrukkinge uit hierdie gebruiksfere deureenvloei in die Afrik. spraakgebruik. "Daar bestaan," merk Mnr. von

WIELLIGH heeltemal tereg op, "so baie woorde in ons taal wat sowel aan die jag as aan die kommando kan ontleen wees, dat dit moeilik gaan om met juistheid vas te stel aan watter bron ons sulke woorde verskuldig is" ("Huisgenoot," Maart 1921, blds. 458). Met hierdie voorbehoud en die vooropgestelde oorweging, dat die woordgebruik van die boere-, jagters- en trekkerslewe moeilik in vaste gebruiksfere kan gelokaliseer word, kan ek hier die volgende voorbeelde gee van Afrik. samestellinge in verband met die genoemde bedrywighede.

Dan dink ek in die eerste plek aan benaminge vir verskillende soorte gewere[1]): *bobbejaanbout*, *doppiesgeweer*, *haan-en-pan*, *olifantroer*, *poenageweertjie*, *sterloop*, *ses-op-'n-pond*, *ou Sanna* e.a.[2]) Name soos *agterlaaier*, *voorlaaier*, *windbuks*, en die onsamegestelde *buks*, *flint*, *roer*, wat Mnr. VON WIELLIGH vermeld, is ook in Ndl. bekend.

Naas die geweername kan genoem word die benaminge vir die verskillende soorte skietgoed: *geweerdoppie*, *bokhael*, *donshael*, *haashael*, *patryshael*, *steenboklopers*, *loodpuntkoeël* e.a. So'n woord as *loodpuntkoeël* (Eng. "*soft nose* (of *point*) *bullet*") sal waarskynlik eers laat in gebruik gekom het, d.w.s. na die gebruikmaking van staalkoeëls soos dié van die mouser en die lee-metford. So is die gebruik van die benaming *loodlat*, gevorm naar analogie van die bekende *kleilat*, my eers uit die tyd van die Boere-Oorlog bekend. Makersname soos *mouser*, *lee-enfield*, *lee-metford*, *martiniehenrie* is natuurlik tot op 'n sekere hoogte internasionalismes, nes *ford*, *kodak* e.a., en die meeste Afrik. benaminge vir die onderdele van 'n geweer is ook in Ndl. bekend.

Min of meer vakterme in verband met die jag is Afrik. samestellinge soos die volgende: *lêplek* (van wild), *skietperd*, *vanggat*, *wolwehok*, *wolwehuis*, *agterryer*, *padkos*, *hartbeeshuis*, *biltong*, *toutjiesvleis*, *douspoor*, *spoorsny*, *spoorsnyer*, *spoorsnyerhond*, *renosterpad*, *olifantpad*, *wildebeeskuil*, *springbokvlakte*, *jakhalsgat*, *erdvarkgat*, *ooreensko(o)t*, *rapssko(o)t*, *vetsko(o)t*, *penssko(o)t*, *kopsko(o)t*, *doodsko(o)t*, *bolmakiesiesko(o)t*, *heupsko(o)t* e.a.

---

[1]) J. VERCOULLIE het (in "Tijdschr." XXXVIII 305) naar "Die Deutsche Soldatensprache" van P. HORN verwys vir parallelle van *ou Sanna*. Vgl. ook TH. IMME's "Die deutsche Soldatensprache der Gegenwart und ihr Humor".

[2]) Ek dank verskillende voorbeelde aan die reeds aangehaalde artiekel van Mnr. G. R. VON WIELLIGH.

Bladsko(o)t, haelbui, koeëlbui, raaksko(o)t, skramssko(o)t e.a. is ook in Ndl. bekend. "Merkwaardig verkeerd", skrywe Mnr. C. J. VAN RIJN, "is Dr. M's (MANSVELT'S) verklaring bij het volgende woord: *hartebeeshut* ("een hut door hartebeestjagers opgeslagen"). Misschien zijn er velen, die door verkeerde analogie die hut *hartebeeshut* noemen; ik heb alleen gehoord *hartbieshut* ofte wel *matjeshut*, een hut van harde biezen en klei opgetrokken ..." ("Het Nauwe Verb. tus. het Afrik. en het Holl." blds. 118 aant. 14). Hierdie verklaring van Mnr. v. RIJN is egter histories onhoudbaar: ons lees namelik al in verskillende Kaapse reisverhale uit die 18e eeu van *hertebeesthuisjes*.

In nouer verband met die ervaringe van die trekkerslewe staan die volgende samestellinge, wat wys op die moeilikhede van ongebaande weë ens.: *deurslaggrond, knikspoor, slaggat, middelman, uitdraaipad, grootpad, verbypad, haakplek, remhoogte, uitspanplek, staanplek, staanspoor, vuurmaakplek, blystaanplek, vassitplek, vasvatgat* e. a.

Benaminge van jag- en trekgereedskap is o. a.: *draaghout, nekhoutjie, koggelstok, jukskei, jukskeistrop, handsambok, agterossambok, handkarwats, agperdesweep, agperdewa, agterslag, voorslag, slaanding, remskoenketting, lunsriem, voortou.*

Ander trekkerswoorde is van meer algemene aard: *dwarstrek, voortrekker, kopsku, speeklos, afdisselboomkar, bymekaarkomplek, touwys* (vgl. Ndl. *bit-* en *toomwys*), en miskien moet hierby gereken word aanduidinge van rigting soos *windaf* en *windop*, van tyd soos *kniediepvoordag* en van rigting en tyd soos *sonop* en *sononder.*

Jag- en trektogte, die kommandolewe en die boerebedryf het die Afrikaners ook in noue aanraking gebring met die lewenswyse, wapens en werktuie van verskillende inboorlingstamme, vandaar die volgende samestellinge: *knopkierie, peperkop, deurtrekker, stertriem, stertriemdraer, knopneuskaffer, kafferstroois,*[1] *witkaffer, skildvel, kafferpot, kafferkraal, kafferbier, velkaros, rooiklip, plaaskaffer, skoolkaffer, rooikaffer* ens.

---

[1] Ons lees al in 17e eeuse reisbeskrywings van *caffres* en van hulle *strohuyskens*, maar die samestelling *kafferstroois* het ek in sulke bronne nie teëgekom nie. Die Akademiespelling is *struis* of *strooihuis*, maar die uitspraak van die oorgrote meerderheid van Afrikaners, waarmee ek persoonlik in aanraking gekom het, is *stroois* (< *strooi(h)(ui)s*).

Hierdie aanraking met die inboorlinge is ook verantwoordelik gewees vir die volgende aanspreeksvorme: *oubaas, ounôi, kleinbaas, kleinnôi, kleinnonnie.* Die aanspreeksvorm *oubaas* is selfs tot in die inboorlingtale van Sentraal-Afrika deurgedring, en J. F. VAN OORDT verhaal die volgende aardige staaltjie omtrent die gebruik van die woord in die negertale van Noordwes-Afrika: "In de Yoruba taal en ook in enige andere negertalen die langs de zeekust van de bocht van Guinea (West-Afrika) gesproken worden, heet God *Obasi*, een woord dat de Engelse zendelingen heel wat hoofdbrekens gekost heeft. Natuurlik is 't niets anders dan 'n verbastering van 't Hollandse *Ou Baas*, 'n niet zeer eerbiedige uitdrukking in de oude zeetaal voor God, en in Zuid-Afrika welbekend . . . " ("Brdwg." van 1 Okt. 1916, blds. 143 aant. 3 (a)).

Enige interessante voorbeelde van woorde, wat deur die kommandolewe ontstaan het, gee MNR VON WIELLIGH ons in sy meergenoemde Huisgenootartiekel. Ek beskik nie oor die gegewens om die juistheid van sy mededelings te kan beoordeel nie, maar daar bestaan, vir sover ek kan beoordeel, g'n redes om dit te betwyfel nie. "Reeds in die dae van die opstandjie in Graaff-Reinet", skrywe hy, "het die ou kanon die naam van *ou Grietjie* gekry.[1]) In die Vryheidsoorlog, 1880—81, moes die seuns skielik die naam van *penkoppe* kry. In die Sekoekoenie-oorlog van 1877 het *poffertjies* die heldenaam van *stormjaers* gekry. 'n Ander persoon dink meer aan die onverteerbaarheid van die ongesuurde deeg en was nie met *stormjaers* alleen tevrede nie maar gee dit ook die krygsnaam van *maagbomme.* Toe die grys muggies die kommandomense onder die Drakensberge saans voor die voorkop, in die nek en op die hande byt, kry hul spoedig die naam van *warm-assies.* Die Engelse vierkantige *klinkers* was maar onsmaaklik om te eet en moes spoedig onder die naam van *oogklappe* deurloop" ("Huisgenoot," Maart 1921 (blds. 459). Die benaming *ou Grietjie* vir 'n kanon staan dus op een lyn met die reeds genoemde naam van 'n ou soort geweer: *ou Sanna*, en *oogklappe* is dus waarskynlik 'n tydgenoot van *loodlat.*

Die jag- en trektogte van die Afrikaners, hulle kommandolewe en stryd om 'n eie volksbestaan teen binnelandse

---

[1]) Dit was reeds die naam van 'n ou Antwerpse kanon (vgl. STOETT—"Spreekwd." I No. 687).

barbare en buitelandse bedreigers het hulle spore in die Afrik. taal en geskiedenis, sowel as op die Afrik. bodem, nagelaat as 'n blywende monument tot hulle nagedagtenis. 'n Onbewuste, maar juis daarom grootse, monument vir sy ras sowel as vir homself het Louis Trigardt ons nagelaat in sy "Dagboek" [1]), waarin ons die Afrik. boer so duidelik uitgebeeld sien as jagter, krygsman en trekker, en waaruit ons ook soveel van die taalaktiwiteit van die Boerevolk kan leer.

(*e*) In verband met die huislike lewe.

Nie alleen in die bedrywigheid buitenshuis by die boerdery, op jag, op trek en op kommando het die spraakmakende gemeente bewyse van selfstandige skeppingskragte gelewer nie, maar ook in die rustige kringe van die huislike lewe. Ek herinner alleen aan samestellinge in verband met die huisbou: *brakdak, eetvoorhuis, kleivloer, grondvloer, misvloer, perskepitvloer, stoepkamer, tuishuis, buitegebou, buitekamer, tuiekamer, vryslaapkamer* e. a. en aan woorde in verband met die huisinrigting en meubelering: *aansittafel, houtkatel, kinderkatel, verekombers, mielieblaarmatras, riempiesmatstoel*, en 'n groot aantal samestellinge met *kombuis- en spens-*.

Hierdie laaste twee woorde herinner aan die Afrik. kookkuns met sy uitgebreide woordvoorraad [2]): *armmanskoek, mosbeskuit, mosbolletjies, pampoenbrood, koppieskoek, patatkoekies, pampoenkoekies, potbrood, ryskluitjies, soetsuurdeeg, suursuurdeeg, plantjiesuurdeeg, swartsuursop, hotom* ('n meelbry), *ou-vrou-onder-die-kombers, een-pot-in-die-ander* (Ndl. *hutspot*), *koringkoffie, perskekoffie, moskonfyt, druiwekonfyt, korrelkonfyt, agurkiekonfyt, pampoenkonfyt*, en al die konfyt- en kossoorte, wat in Nederland onbekend is.

Ek herinner verder net aan die benaminge van enkele instrumente ens. by die kookkuns in gebruik: *eierkokertjie* (Ndl. *zandloper*), *maalklip, stampblok* en die hiermee geassosiëerde kossoorte *stampmielies, breekmielies* ens.

Prof. te Winkel het 'n aantal Afrik. samestellinge opgenoem, wat hy bewonder w. o. *olievissie* (sardine) en *suikerbrood* (vgl. "Vragen van den Dag" XI 351). Maar *suikerbrood* moet 'n oorgeërfde 17e eeuse samestelling wees,

---

[1]) Vgl. G. S. Preller — "Dagboek van Louis Trigardt" (1836—8).
[2]) Vgl. o.a. Mevr. D. F. Malherbe — "Tafelvreugde".

want op die 27ste Maart 1657 lees ons al van 'n Afrik. bergpunt, wat die naam gekry het van "*'t Suyckerbroot*"[1]).

In die bedrywigheid buitenshuis het die skeppingskrag waarskynlik in hoofsaak van die mannelike en binnenshuis van die vrouelike geslag uitgegaan: altwee die groepe gee blyke van dieselfde gesonde oorspronkelikheid. Die manne en vroue moes ongetwyfeld saam in die behoeftes van eie kleding voorsien, en was seker saam verantwoordelik vir die vervaardiging van die volgende artiekels en die skepping van die daarmee verbonde benaminge: *nierknyper* (broek sonder kruisbande gedra), *velbroek*, *tregterbroek*, *tapytskoen* (Ndl. pantoffel), *velskoen*, *rousoolvelskoen*, *riempiesvelskoen*, *binnenaadvelskoen*, *buitenaadvelskoen* e. a. Dit is byna vanselfsprekend, dat die moderne modeartiekels die velbroek, die nierknyper en die tregterbroek so goed as heeltemal verdrywe het, maar die velskoen het hom tot nog toe bly handhaaf.

Uit die daaglikse omgangstaal stam seker ook samestellinge soos: *kleintongetjie* (Ndl. *huig*), *kleinvingertjie* (Ndl. *pink*) en die kontaminasieproduk, *kleinpinkie*. Die bestaan van sulke vorme, en daarnaas nog van *kleinbaas*, *kleinnôi*, *kleinnonnie*, *kleinkind*, *kleinseun*, *kleindogter* e. a. verklaar m. i. die gebruik van die vorme *kleinneef* (Ndl. *achterneef*), *kleinniggie* (Ndl. *achternicht*), waarin ek nie met die heer J. LE ROUX Gallisismes kan sien nie (vgl. "Handleiding", blds. 70)[2]). In hierdie gebruiksfeer moet waarskynlik ook gelokaliseer word tydsbepalinge soos: *naaseergister*,[3]) *almelewe*, *vanmelewe*, *kersopsteektyd*, *boekevattyd*, *hoendersgaanslaaptyd*, *hoenderskraai* (Ndl. *hanengekraai*), en enkele min of meer humoristiese samestellinge, wat in die meeste gevalle as plat geld: *maagvol*, *kofffiepens*, *ramkat*, *uilbaard*, *skilpadvere*, *smeertou*, *soetskeel*, *trommeldik*, *hierjy* (skorriemorrie), *bobbejaanstuipe*, *ete-en-drinke* (vgl. Ndl. *bakkes* < *bakhuis*) e. a.

(f) In verband met volksgeloof, volksgeneeskunde en volksvermake.

Nouverbonde met die lief en leed van die huislike lewe

[1]) Vgl. J. v. RIEBEEK — "Dagverhaal" II 153, en C. G. BOTHA — "Place Names in the Cape District" blds. 14.
Dus ook ten onregte deur die heer LE ROUX beskou as 'n Afrikanisme (vgl. "Handleiding", blds. 81).

[2]) Enige bewyskrag het natuurlik veral die twede groep: *kleinbaas* ens.

[3]) Vgl. Ndl. *naastovermorgen* (Ndl. Wdbk. XI 1910).

staan die volksgeloof, volksgeneeskunde en volksvermake. Die kristelike aspek van die volksgeloof en die betekenis daarvan vir die taal is reeds op gelet (vgl. II § 2). Maar ook die mitologiese voorstellinge en "volkstümliche" bygelofies het 'n groot betekenis vir die taalskat van 'n volk. Spore van die volksgeneeskunde kon ons reeds opmerk by die naamgewing aan plante, b.v. *ag-dae-genees-bossie* e. a. En iets van die volksvermake blyk reeds uit die terminologie van die jag en die tafelvreugde. Natuurlik kan ek ook hier, nes by al die hier behandelde rubrieke, net enkele gedagtelyne uitstippel en dié met enkele voorbeelde toelig.

Ook hier vloei die taalgebruik van verskillende gebruiksfere deureen. Behoor b.v. die uitroepinge *slangkoppies!* en *toorgoed!* wat Afrik. kinders by die albasterspel uitroep, tuis op die gebied van die volksgeloof (in hierdie geval bygeloof)? of op die gebied van die volksvermake (in hierdie geval kindervermake)? [1]) Behoor woorde soos *begraafniskoek* en *begraafnisrys* tot die terminologie van die volksgeloof of van die tafelgeregte? [2])

Tot die terminologie van die volksgeloof en volksvoorstellinge behoor waarskynlik die volgende samestellinge: *grootvuur* (hel), *grootvurk* (van die duiwel), *duiwelskos* en *duiwelsnuif* (vgl. Ndl. *duivelsbrood*), en *dasadder*, wat Mnr. VON WIELLIGH omskrywe as "denkbeeldige dier in bygeloof" ("Huisgenoot", Aug. 1921 blds. 148).

Onder die Afrik. volksname vir siektes kan ek noem: *benoudebors*, *benoudesiekte*, *wurgsiekte*, (*pampoentjies*, *kalbassies*), *gifseer*, *gifsweer*, *koorsblaar*, *kruipseer*, *witseerkeel*, *bloedparsie*, *appelkoossiekte*, *uitteersiekte*, *galoptering* e. a. In gevalle soos *pampoentjies* en *kalbassies* het ons natuurlik nie met nuwe samestellinge te doen nie, maar met komparatiewe oordrag van betekenis. Onder die name van volksgeneesmiddels kom voor: *dassiepis*, *krampdruppels*, *verdwynpleister*, (*a*)*asvoëlvet*, *dawidswortelt jies*, *bokmis* e.a.

Ook die Afrik. volksvermake het aanleiding gegee tot nuwe samestellinge. Soms is daarby gelet op die beweginge ens. van die diere soos in: *bobbejaandans*, *skilpadtrek* of *kathalstrek*, *poustert*, *blindemolletjie* (Ndl. *blindemannetje*) e. a. Ander benaminge van spele is selfverklarend: *affron-*

[1]) Vgl. F. TH. SCHONKEN — "Oorspr. d. K.-H. Volksoverl." blds. 18.
[2]) „ Id. blds. 21—2, en R. J. HIRSCH — "Doodenritueel in de Nederlanden vóór 1700" (hoofdst. VIII).

teerspeletjie, *afkeurspeletjie*, *bordjiesdraai*, *wegkruipertjie*, *derdemannetjie*, *eenbeentjie*, *trekhoutjies*, *klip-op-hand*, *jukskeigooi*, *beesvelgooi* e. a. Nie so deursigtelik nie is benaminge soos: *meulklip*, en veral die groot aantal reduplikasievorme: *klip-klip*, *gat-gat*, *krans-krans*, *hou-hou* e. a. Oor sulke samestellinge handel ek later (vgl. III § 7 (*i*)).

(g). **In verband met die bodem.**

Vreemd vir die Afrik. stamouers was nie alleen die plante- en dierewêreld van die nuwe vaderland nie, maar ook die bodem van die Afrik. bergland, waarop mettertyd die nuwe lewenswyse en bedryf eie vorme aangemeen het. Die opvallendste verheffinge, glooiinge en plooiinge kon aangedui word met oorgeërfde woorde soos: *berg*, *kop*, *pas*, *bult*, *heuwel*, *hoogte*, *hang*, *bank*, *kloof*, *krans*, *poort*, *laagte*, *vlakte*, *vlei*, *dal*, *pan*, *sloot*, *spruit* ens. Tog skyn dit, as of die oorgeërfde woordvoorraad nie voldoende en toereikend was om al die verskillende skakeringe van bodemsgesteldheid en al die minerale en ander produkte van die bodem aan te dui nie. In sulke behoeftes moes deur nuwe samestellinge voorsien word.

As nuwe samestellinge in verband met die bodemsgeaardheid kan geld: (*a*)*asvoëlkrans*, *klipkrans*, *klipbank*, (in onderskeiding van *sandbank*), *klipkop*, *klipplaat*, *kliprug*, *klipskeur* e. a. Dit is allesbehalwe toevallig, dat die woord *klip* so'n groot rol gespeel het by die Afrik. woordvorming. Dit was van huis uit 'n baie belangrike woord in die seemanstaal, en die bodemsgesteldheid van die nuwe vaderland het die dagelikse gebruik van die woord byna onvermybaar gemaak. Behalwe in die reeds genoemde voorbeelde vind ons nog die gebruik van die woord *klip* in die volgende name vir minerale en klipsoorte [1]): *wolklip*, *syklip*, *garingklip*, *judasklip*, *olifantklip*, *kaiingklip*, *pypklip*, *seepklip*, *sandklip*, *ouklip*, *gruisklip*, *vuurklip*, *ysterklip*, *blouklip*, *blouysterklip*, *rooiysterklip*, *rooiklip*, *silwerklip*,

[1]) Ek het die meerderheid van hierdie voorbeelde ontleen aan 'n artiekel van Mnr. G. R. v. WIELLIGH (vgl. "Huisgenoot", Aug. 1921 bld. 148). Hy is goed tuis in hierdie vak, sodat sy voorbeelde vir ons hier 'n besondere waarde het. *Na-klip* (Namakwaland) het ek weggelaat, omdat dit seker nie algemeen bekend is nie. In 'n ander geval is die my bekende uitspraak *garingklip*, en nie *gareklip* soos Mnr. v. W. skrywe nie. Enkele voorbeelde het ek bygevoeg.

leiklip, *keiklip*, *kalkklip*, *kristalklip*, *glaasklip* e. a. In enkele van hierdie gevalle verskil die Afrik. samestelling van die Ndl. alleen hierin, dat die eerste met *klip* en die twede met *steen* gevorm is, vgl. Ndl. *zeepsteen*, *zandsteen*, *vuursteen*, *ijzersteen*, *keisteen*, *kalksteen* e. a. In al sulke gevalle kon die woord *klip* die woord *steen* in die Afrik. samestellinge eenvoudig analogies verdring het, of ons kan te doen hê met nuwe samestellinge.

Ander Afrik. samestellinge in verband met klipsoorte is: *doeksteen*, *bandom*, *blinksteen* e. a.

Ook die benaminge vir verskillende soorte grond en klei verdien vermelding: *karogrond*, *bloupotklei*, *swartpotklei*, *rooipotklei*, *geelpotklei*, *witklei*, *rooiklei*, *geelklei* e. a. Samestellinge soos *potklei*, *sandgrond*, *kleigrond*, *turfgrond* e. a. is ook in Ndl. bekend.

Van 'n "bodenständige" aard is ook 'n groot persentasie van ons Afrik. plek- en plaasname, in verband waarmee ek enige hooflyne wens uit te stippel in die volgende paragraaf.

(*h*). **In verband met plek- en plaasname.**

Ek moet begin met op te merk, dat ek 'n verskil maak tussen "plekname" en "plaasname" ooreenkomstig die Afrik. gebruik van die woorde *plek* (= "stad, dorp, streek" ens.) en *plaas* (= "boereplaas"). By die Afrik. topografie verdien hierdie terminologiese onderskeiding seker aanbeveling, want dit is eenvoudig en duidelik, en dit berus boënop op 'n onderskeid by die naamgewing aan "plekke" en "plase".

"Plekname" dra in Afrik. altyd 'n min of meer offisiële kasjet, en kan dus nie so maklik verander word nie. Hulle word gewoonlik deur staatskommissies, munisipaliteite, dorpsrade, landmeters ens. gegee, en die hoofmotiewe is die vernoeming van verdienstelike persone of van die oorspronklike eienaar of eienaars van die bepaalde plek, en die vernoeming van Europese stede, dorpe ens. Bodembeskrywend is sulke name al heel selde. Daarenteë word die "plaasname" vir 'n groot deel deur die boere self gegee, deur die spraakmakende gemeente dus, en daarby speel die bodemsgesteldheid, sowel as die volksvernuf, volkshumor en analogie 'n groot rol. Historiese motiewe gee gewoonlik die deurslag by die "plekname", "bodenständige" faktore bepaal in die reël die "plaasname". Daarom beskou

ek vanuit 'n taaloogpunt die laaste as belangriker: hulle is produkte van die taalaktiwiteit van die volk van Suid-Afrika. Histories is hulle ook wel in 'n sin, maar dit is nie die geskiedenis van indiwidue, maar die volksgeskiedenis, wat daarin gekristalliseer is.

Ek laat dus hier buiten beskouing die vernoeming van goewerneurs, predikante, sendelinge ens.,[1]) van Europese stede, dorpe, streke ens. en van plekke uit die Bybel bekend (vgl. II § 2). Op enkele daarvan kom ek in die volgende hoofstuk terug. Hier wil ek my in hoofsaak bepaal tot die behandeling van "plaasname", wat deur samestelling gevorm is en in verband staan met die bodem van die nuwe vaderland of die karakter van die bewoners.

Van die "Dagverhaal" (1652—62) van JAN VAN RIEBEEK af tot in die "Dagboek" (1836—8) van LOUIS TRIGARDT het ons 'n min of meer aaneengeslote reeks dagboeke en reisverhale, waaruit miskien nog meer omtrent die Afrik. plek- en plaasname te lere val, as omtrent die ontwikkeling van die Afrik. taal. En dit is begrypelik, omdat die koloniste hulle taal as 'n vanselfsprekendheid beskou het, en eers gedeeltelik daarvan bewus geword het by die naamgewing, waarby die jagters, trekkers en voortrekkers juis so'n groot rol gespeel het. Op die voetspore van die Afrik. jagters en trekkers het die vreemde reisigers gevolg, wat die gegewe name in hulle reisjoernale opgeteken of self nuwe name gegee het. En so het op die duur verskillende name histories geword, en kon nuwe name analogies daarnaar gevorm word, want dat die analogie by die naamgewing 'n groot rol gespeel het, sal uit verskillende voorbeelde blyk.[2])

By die behandeling van die plek- en plaasname kan gelet word (1) op die eerste en (2) op die twede deel van die samestellinge. Let ons op die eerste deel van die samegestelde plek- en plaasname, dan sien ons daarin hoofsakelik die name van die wilde diere en die plante, waarmee op die jag, op trek, op ontdekkingstogte en selfs by die boerebedryf kennis gemaak is.

Plekname en plaasname saamgestel met die name van

---

[1]) Vgl. G. JOUBERT — "De Oorsprong van Tweehonderd Zuidafrikaanse Plaatsnamen".

[2]) Sommige plek- en veral plaasname was dus oorpronklik suiwer beskrywende aanduidinge, wat deur herhaalde gebruik tot eiename gekristalliseer geraak het.

roofdiere is: *Leeukloof, Leeukop, Luipaardsberg, Luipaardsvlei, Tierfontein, Tierhoek, Wolwedraai, Wolwegif, Jakhalspan, Jakhalsfontein*, e. a Dit sou egter 'n dwaling wees om te meen, dat sulke name 'n bewys lewer van die aanwesigheid in vroeër tyd van die vernoemde diersoorte op die genoemde plekke. Die *Leeukop* van *Tafelberg* dank sy naam aan sy vorm, en op kaarte van 1657 lees ons van "*'t gevleckte luperts gebergte*" en van "*lupaerts berghen*", wat later die naam van *Tierberge* gekry het weens die eienaardige vlekke daaraan [1]).

Die name van ander wilde diere vind ons in: *Olifantshoek, Olifantsvlei, Renosterrug, Renosterhoek, Seekoeigat, Seekoeivlei, Kwaggafontein, Kameelkop*, e. a. Sulke diere was egter skaarser, en nie sulke dagelikse voorwerpe van die jag nie, as die verskillende soorte antilope, wat verantwoordelik was vir name soos die volgende: *Elandskraal, Elandsheuwel, Buffelshoek, Buffelslaagte, Hartbeesrand, Hartbeesfontein, Springbokvlakte, Blesbokfontein, Steenbokkloof, Wildebeesspruit, Wildebeeskuil, Oorbietjiefontein, Koedoesberg, Gensbokfontein, Duikerskloof, Bontbokvlakte, Ribbokfontein* e.a. PETTMAN sê, dat verskillende soorte antilope nog nie vernoem is nie, w. o. die *oribie* of *oorbietjie*, [2]) maar op 'n kaart van die distrik Potchefstroom alleen vind ek verskillende plase met die naam *Oorbietjiesfontein* (o. a. Nos. 20, 201 en 723).

Dan kom in aanmerking die name van wilde diere van minder belang waarvan die herinnering nog bewaar word in samegestelde plek- en plaasname soos: *Daspoort, Bobbejaanberg, Apiesrivier, Haasfontein* e.a. Ryk is veral die aantal samestellinge met voëlname soos: *Volstruisfontein, Kraanvoëlvlei, Pappegaaiberg, Uilkop, Kanarieberg, Loeriefontein, Kraaipan, Patrysvlei, Makouvlei, Windvoëlberg, Mahemspruit, A(a)svoëlberg, Tarrentaalkop, Eendekuil, Vinkvlei* e. a.

Ook die reptiele, kewers, insektes en waterdiere kom in aanmerking, vandaar: *Slangfontein, Vishoek, Paddafontein, Baberslaagte, Krokodilrivier, Skilpadkop, Rysmierbult, Otterspruit* — "even the tiny mouse", sê PETTMAN, en as voorbeeld noem hy: "*Muizenberg*, traced by some to

[1]) Vgl. C. G. BOTHA — "Place Names in the Cape District", bldss. 14 en 15.

[2]) Vgl. Rev. C. PETTMAN — "Notes on South African Place Names", blds. 30.

the mouselike resemblance which they see in its crown of rocks" (blds 30 t. a. p.). Maar *Muizenberg* het niks met 'n muis te doen nie, wel met 'n offisier van die N. O. I. K. by name WIJNAND WILLEM MUYS, wat met enige soldate daar 'n buitepos van die Kompanjie bewaak het. [1])

By die plek- en plaasname, wat met plantname saamgestel is, merk ons dieselfde verskynsels as hierbo. Ten eerste kan genoem word name, wat die herinnering aan verskillende boomsoorte bewaar: *Doringbosrivier, Asgaaiboshoek, Kareeboomberg, Kareeberg, Taaibosspruit, Naboomspruit, Wilgerrivier, Suikerbosrand, Spekboomberg, Melkbosvlei* e. a. Die melkbos behoor reeds tot die kleiner plantsoorte, en daarby kan gereken word struike, waterplante, grassoorte, blomme ens., wat hulle name gegee het aan plekke en plase met die volgende name: *Palmietfontein, Papkuilfontein, Bamboesberg, Rietfontein, Kalbaskraal, Gousblomrivier, Knolfontein, Matjiesfontein, Uintjieshoek, Braamfontein, Graspan, Biesiespoort, Leliefontien, Blomspruit* e. a.

Ander plek- en plaasname is bodembeskrywend of dui die ligging en vorm van plase aan: *Kaallaagte, Droëheuwel, Kommetjiesvlakte, Skoorsteenberge, Skurweberge, Sneeuberge, Pramberg, Bloukrans, Bultfontein, Remhoogte, Vaalbank, Donkerhoek, Draaihoek, Mooivlei, Grootvlei, Middelpoort, Mooispruit, Mooirivier, Stilwater, Klipdrif, Bankdrif, Tweekuil. Modderspruit, Modderrivier, Sandfontein, Veertienstrome, Vierentwintigriviere, Koolspruit, Blinkwater, Soetwater, Brakwater, Kruidfontein, Kromellemboog, Vyfhoek, Tweekamp* e. a.

Verskillende name vertel ons weing omtrent die bodem self, maar oneindig veel omtrent die geskiedenis, wat daar op die bodem afgespeel is. So bevat *Sonkwasdrif* nog 'n herinnering aan die Boesmans, 'n inboorlingras wat vandag in Suid-Afrika so goed as verdwyn is, en *Trompettersdrif* en *Trompettersbos* herinner aan bymekaarkomplekke in die stryd teen die Boesmans. *Vegkop* en *Bloedrivier* vertel van die stryd teen die Kaffers. Soms is die insident, wat aanleiding gegee het tot 'n bepaalde naam, onbelangrik gewees, met die gevolg dat die historiese toespeling vandag nie vir elkeen meer duidelik is nie, soos: *Oorlogskloof,*

---

[1]) Vgl. C. G. BOTHA — "Place Names", blds. 20.

Ongelukskfontein, *Moordenaarskuil*, *Moordspruit* (ek bedoel nie die historiese plek in Natal nie), *Bakleiplaas* e.a.

Die ligging van die plaas, die tevredenheid ens. van die eienaar, famielieverskille en boedelkwessies is verantwoordelik vir plaasname soos: *Welgelege*, [1]) *Welgevonde*, *Welgemeend*, *Eensgevonde*, *Nooitgedag*, *Ongegund*, *Moedverlore*, *Spytfontein*, *Geduldfontein* e.a.

Volkshumor is ongetwyfeld verantwoordelik vir name soos: *Broekskeur*, *Gooi-die-Hoed*, *Paddadors*, *Rondomskrik*, *Stompoorfontein*, *Mooimeisiesfontein* e.a. Sulke name stam al uit die aanvang van die Afrik. geskiedenis. SCHONKEN het reeds daarop opmerksaam gemaak, dat die eerste wagposte van V. RIEBEEK al sulke humoristiese benaminge gedra het: *Keert-de-Koe*, *Houdt-den-Bul* ens. (vgl. "Oorspr. d. K.-H. Volksoverl". blds. 129). Hierdie trek by die naamgewing loop deur heel die Afrik. geskiedenis. So lees ons b.v. in Dr. E. C. GODÉE MOLSBERGEN'S "Reizen in Zuid-Afrika" (II 11): "Een bergreeks die reizigers veel moeite gaf kreeg de naam "*'t Vagevier-zonder-End*", vlak bij de Olifantsrivier". Om sulke redes het TRIGARDT b.v. 'n plek genoem: *Verkeerdefontein* (vgl. "Dagboek" blds. 194).

Ons het sover gelet op die eerste deel van die samegestelde plek- en plaasname; maar ook die twede deel is van belang. Daaroor net enkele opmerkings. Met enkele uitsonderinge, soos wanneer die twede deel wys op grondverdeling en ligging (*-kamp*, *-deel*, *-draai*, *-ellemboog* ens.) of op kenmerke (*-bos*, *-boom*, *-kraal*, ens.), wys die twede deel in die oorgrote meerderhe d van gevalle op verheffinge en glooiinge van die bodem of op die aanwesigheid van water Dit is trouens g'n wonder, dat in 'n bergagtige hoogland (vgl. I § 2) die twede deel van samegestelde plek- en plaasname veral op die volgende woorde neerkom nie: *-berg*, *-kop*, *-rand*, *-nek*, *-pas*, *-bult*, *-heuwel*, *-hoogte*, *-hang*, *-bank*, *-hoek*, *-kloof*, *-krans*, *-poort*, *-klip*, *-plaat*, *-val*, *-rif*, *-wal*, *-punt*, *-dal*, *-vlei*, *-vlakte*, *-laagte*, *-veld*, *-pan* e.a.

En in 'n droogland soos Suid-Afrika (vgl. I § 2) speel water by die boerebedryf 'n groot rol. Die opstal van 'n nuwe plaas word gewoonlik gebou waar water te vind is, langs 'n rivier of 'n spruit, by 'n fontein of 'n put, vandaar

---

[1]) In al sulke name gee ek die Afrik. uitspraak weer, en nie die geskrewe vorme nie, wat alleen op die Holl. skryftaaltradiesie berus. Sulke name kom al vroeg voor op Ndl. uithangborde (vgl. V. LENNEP en T. GOUW).

die groot persentasie plaasname, wat op die volgende woorde uitgaan: *-rivier, -stroom, -spruit, -loop, -sloot, -kuil, -gat, -drif, -water, -dam, -bad, -put, -bron, -fontein* e. a.

Die analogie speel hierby egter 'n groot rol, sodat 'n plaasnaam, waarvan die twede deel *fontein* is, nog lang g'n waarborg van die aanwesigheid van water gee nie, laat staan van 'n fontein. Dit blyk reeds uit humoristiese name soos *Mooimeisiesfontein*, en waarskynlik ook uit name soos: *Koffiefontein, Geduldfontein, Lekkerfontein* e. a. 'n Historiese voorbeeld vind ons in LICHTENSTEIN'S reisverhale, waarin vertel word van 'n "*Graftfontein*", 'n plek wat sy naam nie ontleen het aan een of ander fontein nie, maar aan die feit, dat 'n sekere Krieger daar begrawe gelê het (vgl. GODÉE MOLSBERGEN—"R. in Z.A." II 196). Die woord *fontein*, as twede deel van Afrik. plek- en plaasname, het in baie gevalle eenvoudig die funksie van 'n afleidingsuffiks gekry, wat analogies aan allerlei woorde kan geheg word om die aanwesigheid van een of ander ding of eienskap uit te druk. So hoef *Mooimeisiesfontein* niks anders uit te druk nie, as dat daar mooi meisies op die plaas woon, *Geduldfontein*, dat die eienaar geduld gehad het of moes hê, *Slangfontein*, dat daar baie slange is ens. Name soos *Brandewynfontein* spreek vir hulself.

'n Eienaardige groep van plek- en plaasname met *-fontein* saamgestel is die verbindinge van telwoorde met *-fontein*: *Tweefontein, Driefontein, Vierfontein, Vyffontein* (seldsaam), *Sewefontein, Tienfontein* (baie seldsaam). 'n Plaas met een fontein verdien seker nie by die naamgewing spesiale vermelding van sy *een* fontein nie, en dat *Tienfontein* baie seldsaam is, sal wel die gevolg wees van die seldsaamheid van soveel fonteine op een plaas. Maar waarom is *Vyffontein* seldsaam? en waarom is *Sesfontein* byna nie te vind nie? terwyl tog weer *Sewefontein* so dikwels voorkom? Ek kan my dit moeilik anders verklaar dan as 'n gevolg van die analogiewerking by die naamgewing, sowel as by die samestellinge met *-fontein* [1]).

Sulke analogiese samestellinge en so'n analogiese naamgewing gee natuurlik aanleiding tot verwarring, wanneer dieselfde name dikwels voorkom, en om dit te belet, word

---

[1]) Of speel die heilige getal 7 hierby 'n rol? (vgl. DE BEER en LAURILLARD — "Woordenschat", blds. 1259 vgg.).

gebruik gemaak van allerlei aangevoegde aanwysinge en omskrywinge, soos *bo—onder*, *voor—agter*, *groot—klein* ens. b.v. *Grootvoëlvlei—Kleinvoëlvlei*, *Watervalbo—Watervalonder* ens. LICHTENSTEIN o.a. het dan ook reeds geklaag oor die herhaling van dieselfde name (vgl. "Reizen" I 147—8); maar as hulle met krietiese versigtigheid gebruik word, het hulle 'n groot historiese waarde en kan hulle ons baie leer omtrent Suid-Afrika se verlede, omtrent sy diere- en plantewêreld, sy bodemsgesteldheid en klimaat, en omtrent die jag- en reistogte van die eerste pioniers en die trekpaaie van die voortrekkers. Uit sulke topografiese name blyk ook iets van die rigting en geaardheid van die taalaktiwiteit van die volk van Suid-Afrika.

(i) In verband met grammatiese materiaal.

"Word formation is rightly considered one of the main divisions of grammar", sê JESPERSEN ("Growth and Structure of the Eng. Lang.", blds. 178). Ook die omgekeerde is waar, n.l. dat 'n belangrike afdeling van die woordvorming bestaan in die skepping van "grammatiese materiaal", waaronder ek hier verstaan wil hê alle woordsoorte, wat hoofsakelik 'n grammatiese of sintaktiese funksie het, b.v. voornaamwoorde, voorsetsels, voegwoorde, en tot op 'n sekere hoogte selfs byw., deelw. ens.

Die Afrik. pron. vorme *julle*, *hulle*, die verouderde *sulle*, *hoeke*, *watter* of *waffer* (< *wat vir* < *wat voor*) is almal erfgoed. Die gebruik van die samegestelde *daardie* sal seker in hoofsaak die gevolg wees van die feit, dat *die* in Afrik. sy demonstratiewe funksie verloor het — behalwe wanneer dit deur handgebaar ens. versterk word — en hoofsakelik as lidwoord vir alle geslagte gebruik word. En dit kon die analogie gevorm het vir die gebruik van *hierdie*, deur die gebruik waarvan *dese* heeltemal verdwyn het, behalwe in verstarde samestellinge soos *d(e)uskant*, *vandesejaar*, *vandesemaand*, *vandeseweek* ens.[1]).

'n Analogiese aanleiding en aansluiting vir die gebruik van beide *daardie* en *hierdie* was miskien die aanwesige *daarso*, *hierso*, *waarso*. En die gebruik van *hoekom* (<*hoe kom (di)t*? < *hoe komt het*? in die sin van "waarom") vind, wat sy oorsprong en funksieverandering betref, parallelle in *tensy*,

[1]) Vgl. Dr. D. F. MALHERBE — "Afrik. Taalboek", blds. 84.

hetsy, *miskien*, en wat sy vorm betref, in die reeds aangehaalde *hoeneer* (wanneer).

So sien ek in die gebruik van *anderkant*, *oorkant*, *d(e)uskant*, *agterkant*, *onderkant* as voorsetsels tot op 'n sekere hoogte parallelle van Ndl. *binnen*, *buiten*, *bachten* ens. "*Anderkant* die spruit" moet m. i. beskou word as die gevolg van 'n beknopte uitdrukkingswyse vir "(aan die) ander kant (van) die spruit", en as 'n gevolg van sulke sametrekkinge sal die vorme *anderkant* ens. seker ontstaan wees, en hulle funksies as voorsetsels gekry het. Ons moet in sulke gevalle dus waarskynlik eerder van samestellinge of sametrekkinge van die sin-"sandhi" praat, as van funksieverandering. [1])

Die Afrik. "grammatiese materiaal", vir sover dit samegestelde voornaamwoorde, voorsetsels, voegwoorde ens. geld, moet m. i. as erfgoed en spontane ontwikkelinge beskou word. Maar daar is 'n eienaardige wyse van woordvorming, n.l. die verdubbeling of reduplikasie, wat die meeste geleerdes vir 'n kreolisme in Afrik. hou [2]).

Nes by die gevalle van funksieverandering het Dr. Bosman hier (bldss. 79—81), m. i. tereg, tussen verskillende soorte van redupliserende formasies onderskei. Ek wil begin met die gevalle, wat die nouste aansluiting met Ndl. vertoon. Soos Dr. Bosman aangetoon het, word *gauw-gauw* in Ndl. net soos *gou-gou* in Afrik. gebruik, terwyl *nou-nou* ook in Ndl. gebruik word, maar anders as in Afrik. Die gebruik van *gou-gou* en *nou-nou* in Afrik. as adverbia met intensiewe betekenis beskou Dr. Bosman dus as spontane ontwikkelinge. Moeiliker om te verklaar vind hy *kort-kort* en *bietjie-bietjie* as adverbia „met iteratiewe betekenis ten opsigte van die enkelvoudige vorme" (blds. 81). En as 'n moontlike kreolisme beskou hy „die verdubbeling van 'n werkwoordelike stam, waarby die so ontstane vorm dieselfde funksie en betekenis het as 'n verbaal gebruikte tegenwoordige deelwoord in Nederlands, soos b.v. *rus-rus loop*, *staan-staan eet*, *sit-sit werk*, wat gelyk staan met Nederlands *al(gedurig) rustende lopen*, *al (voortdurend) staande eten*, *al (voortdurend) zittende werken*" (blds. 79).

---

[1]) Vgl. ook die Duitse *diesseits*, *jenseits*, *statt*.

[2]) Vgl. (*a*) Dr. P. J. du Toit — "Afrik. Studies", blds. 99—100.
(*b*) Dr. Hesseling — "Het Afrik." blds. 114 en
(*c*) J. F. v. Oordt — "Afrik. en Mal.-Port." (in "Brdwg.", van 1 Okt. 1916 blds. 148).

Ek moet erken, dat dit moeilik is om uit te maak of die verlies van die tegw. deelw. (wat, behalwe in enkele geykte verbindinge of onder invloed van die Holl. skryftaaltradiesie, in die Afrik. spreektaal selde voorkom) die ontstaan van hierdie verdubbelingsvorme veroorsaak het en of hierdie redupliserende formasies met die funksies van verbaal gebruikte tegw. deelw. verantwoordelik was vir die verdwyning van die tegw. deelw. self. Oorsaak en gevolg is hier moeilik van mekaar te onderskei, maar 'n kousale verband is net so moeilik te ontken.

Ek sou die genoemde konstruksie eers dan as 'n kreolisme wil erken, wanneer dit bewys kan word, dat dit die oorsaak was van die verlies van nie tegw. deelw. en dat dit self die gevolg is van of in nou verband staan met kreoliserende invloede in Afrik. Word die tegw. deelw. egter ook in die Ndl. volkstaal veel gebruik? Wat ek kon opmaak uit 'n studie van monografieë oor die Ndl. dialekte sowel as uit eie waarneming, wys alles daarop, dat die gebruik van die tegw. deelw. in die Ndl. volkstaal ook lang nie so omvangrik is as in die „Algemeen Beskaafd" nie, en in die beskaafde spreektaal nie so gebruikelik is as in die skryftaal nie. Beide in die beskaafde spreektaal en in die volkstaal word veel meer gebruik gemaak van omskrywinge as van die tegw. deelw. Die gebrek aan skoolonderwys en lektuur, die afwesigheid van 'n skryftaaltradiesie en van aanrakingspunte met die algemeen beskaafde spreek- en skryftaal, moes die beperkte gebruik van die tegw. deelw. in Suid-Afrika dus kragtig in die hand gewerk het. Dan lyk my die gebruik van die gereduplíseerde substituut vir die tegw. deelw. eerder die gevolg as die oorsaak van die verlies van die tegw. deelw.

Dr. Bosman het self erken, dat die gereduplíseerde werkwoordelike stam soms sy verbale funksie in Afrik. verloor, en 'n suiwer adverbiale betekenis kry, soos in "*fluit-fluit loop*" wat "kan beteken *al fluitende lopen*, maar ook *gemakkelik*, *zonder moeite lopen* ..... ens." (blds. 50). Maar in hierdie adverbiale funksie staan die gereduplíseerde werkwoordelike stam weer op een lyn met *gou-gou*, *nou-nou*, *kort-kort*, *bietjie-bietjie*. Het die analogie ook hier 'n rol gespeel? Dit is nie onmoontlik en selfs nie onwaarskynlik nie.

Moet per slot van saak sulke gereduplíseerde konstruksies soos *gou-gou*, *nou-nou* ens. nie op dieselfde manier

verklaar word nie, as die dubbele negatief, die toutologiese *gans en gaar* en die pleonastiese sinswendinge *met . . . saam* of *saam . . . met, al . . . al, uit . . . uit, in . . . in* ens.? Waar daar Ndl. of dialektiese parallelle soos *gauw-gauw, al . . . al* ens. bestaan,[1]) is dit gewaagd om in sulke gevalle van kreolismes te praat. Ek is dit heeltemal eens met Dr. BOSMAN waar hy sê: "Die verklaring van sulke verskynsele moet in die eerste plaas op algemene psigologiese gronde berus" (blds. 83). Laat ons hier die sintaktiese verdubbelinge soos: *nie . . . nie, al . . . al* ens. egter buite rekening hou, en argumentshalwe aanneem, dat die gereduplíseerde woordvorme in Afrik. van vreemde oorsprong is. Moet hulle dan juis van Mal.-Port. oorsprong wees? Ek erken, dat sulke vorme in Mal.-Port. voorkom, en veral in Mal., b.v. *abah-abah, adang-adang, agar-agar, alan-alan* ens. ens. Maar sulke vorme kom ook veelvuldig voor in ander tale, waarmee die Afrik. volk in aanraking gekom is, veral in Frans, in Hottentots en in die Bantoetale. Prof. J. TE WINKEL het reeds by Afrik. verdubbelinge soos *bal-bal, kaart-kaart, tol-tol* gewys op Franse parallelle soos: *bonbon, cri-cri, frou-frou, jou-jou* ens.[2]) Hierby kan ek die volgende parallelle voeg: (1) uit Hottentots: *a-a, am-am, an-an, anu-anu, ara-ara, awe-awe, xai-xai, dao-dao, dau-dau, dei-dei* ens. ens. en (2) uit die Bantoetale: *aha-aha, ba-ba, la-la, bata-bata, ca-ca, ciki-ciki, dibi-dibi* ens. ens.

Nee werklik, as die redupliserende woordvorme in Afrik. van vreemde oorsprong *moet* wees, dan sou ek nie weet of hulle Maleïsmes, Gallisismes, Hottentottismes of Kafferismes is nie. Daar bestaan egter grondige redes om hulle nie vir Kafferismes te hou nie; maar moet hulle dan noodwendig een van die ander -ismes wees? Kan hulle dan nie net sowel spontane ontwikkelinge of analogiese uitbreidinge van Nederlandismes wees nie? By die ontwikkeling van hierdie tiepe van woordvorming in Afrik. kan die analogieë en parallelle van Maleis, Frans, Hottentots ens. ook 'n rol gespeel het, maar die verklaring "moet in die eerste plaas op algemene psigologiese gronde berus", want die kieme en gedeeltelik ook die produkte van 'n sodanige ontwikkeling was reeds in die oorgeërfde taal van die Afrik. stamouers aanwesig.

---

[1]) Vgl. Dr. BOSMAN — "Afrik. en Mal.-Port.", blds. 81—86.
[2]) Vgl. "Vragen van den Dag", XI 354.

(*j*) Afrik. Neologismes.

Ten slotte moet hier 'n paar opmerkings gemaak word oor Afrik. neologismes, d.w.s. nuwe woordvorminge, waarvoor indiwiduele skrywers of persorgane verantwoordelik is, en nie die spraakmakende gemeente self nie. In hoever sulke neologismes mettertyd algemene gangbaarheid sal verkry, sal die tyd ons moet leer [1]). Hier kan hulle geld as voorbeelde van die produkte van digters en denkers, van joernaliste en skrywers in die algemeen. Die voorbeelde is almal ontleen aan "Taal en Poësie van die Twede Afrikaanse-Taalbeweging" van Dr. E. C. PIENAAR, wat daarvoor my opregte dank verdien, al verskil ek met hom in enkele gevalle.

Dr. E. C. PIENAAR vermeld die volgende "tekenende samestellinge en uitdrukkinge" uit die taal van PRELLER [2]): *woorde geping-pong, skugter-skamerig, sahara-dor, kalahariekaalte, lawaaierige luidrugtigheid, koerante-voorbarigheid, rooiste rooi-jingo, muf-insulêre bysmakie, dweperig-dekadente doedoe-liedjies.* 'n Uitdrukking soos "*goor-oue* gesegdetjies" is natuurlik alleen nuut in die kombinasie van *goor-oue* met *gesegdetjies*, maar die samestelling *goor-oue* self is al byna gooroud, en die samestellinge *kniehalterspan, sukkellewe* en *bobbejaanspektakels* was my al lang vóór die kennismaking met die geskrifte van PRELLER bekend, en sal dus seker volksprodukte wees, waaruit die joernalis altyd weet om sy profyt te trek. Aan die ander kant kan Dr. E. C. PIENAAR gelyk hê met sy bewering, dat *rolprent* en *tikskrif* waarskynlik "deur toedoen van die "Volkstem" in gebruik gekom is".

Uit die poësie van CELLIERS noem Dr. PIENAAR voorbeelde soos: *spieël-dansend, glimmer-glansend, wind-geplooi, donker-wellend, sidderwoedend, ader-swellend,* wat gedeeltelik "gekunsteld" is of "'n spesifiek Hollandse stempel" dra, en daarom miskien weinig lewensvatbaarheid sal vertoon buitekant die "poëtiese dictie" van aankomende digters (vgl. blds. 166 t.a.p.). Nog meer is dit die geval by JOUBERT, wat verantwoordelik is vir „digterlike" woord-

---

[1]) Vgl. die enkele opmerking van Prof. VERDAM oor die nuwe woordvorminge en klankspelinge van die jongste Ndl. letterkundiges, natuurlik veral van die Tagtigers ("Uit de Gesch. d. Ndl. Taal", blds. 303, aant. (2)).

[2]) „ "Taal en Poësie" ens. blds. 147.

koppelinge soos: *bronakkoorde, stroomakkoorde, vreugd-ekstase, ekstase-koestering* ens. ens. (vgl. blds. 172—3 t.a.p.).

Dr. PIENAAR verseker ons egter: "As 'n mens nou die korte ontwikkelingsgang van die besproke skrywers nagaan sedert die verskyning van hulle eerste werke, dan doen die verrassende verskynsel sig voor dat hulle taalgebruik, met uitsondering van JOUBERT, in die laaste jare al meer spesifiek Afrikaans word in vorm en toon" (blds. 183 t.a.p.).

---

§ 8 Spreekwoorde en spreekwoordelike gesegdes.

Ek het reeds gewys op verskillende oorgeërfde spreekwoorde, wat ontleen is of ontleen kan wees uit die werke van CATS, uit die Statebybel, uit die seemanstaal, uit die 17e eeuse volkstaal en uit Ndl. dialekte van die noord-ooste af tot aan die suidweste toe — uit Groningen, Deventer, Gelderland, Goeree, Overflakkee, Land van Waas tot aan Wes-Vlaanderen. By die keuse van sulke voorbeelde het ek in hoofsaak uitgegaan van die standpunt, dat ek alleen dié spreekwoorde en spreekwoordelike gesegdes moes vermeld, wat in Ndl. nie algemeen in gebruik skyn te wees nie, of ten minste nie in dié bepaalde vorm nie. By de beoordeling van wat wel algemeen bekend is en wat alleen in die dialektiese spraakgebruik bestaan, het ek my hoofsakelik verlaat op die standaardwerk van Prof. Dr. F. A. STOETT, wat talle van parallelle uit die Ndl. dialekte en ook uit ander tale aanhaal. [1])

Uit die genoemde spreekwoordeversameling van Prof. STOETT blyk op oortuigende wyse die groot ooreenkoms, wat verskillende dialekte, en selfs verskillende tale, ten opsigte van hulle spreekwoordeskat vertoon. Trouens die meeste berus op algemeen-menslike waarneminge: hulle is kernagtige samevattinge van algemeen-menslike lewenservaring en lewenswysheid. Die Afrik. volk, 'n volk van gister met die nalatenskap van verskillende nasies en die erfenis van eeue, sal dus vir 'n groot deel ook spreekwoordelike gemeengoed bewaar het. En daarby vertoon die Afrik. volk 'n besondere voorliefde vir spreekwoorde. "Spreekwoorden", sê SCHONKEN, "worden nergens

[1]) Daarby het ek HARREBOMÉE en TUINMAN geraadpleeg.

in de beschaafde wereld meer gewaardeerd dan in Zuid-Afrika" ("Oorspr. d. K.-H. Volksoverl.", blds. 59)[1].

Behalwe die reeds genoemde voorbeelde van spreekwoorde, wat Afrik. met verskillende Ndl. groeptale gemeen het, kan hier nog enkele interessante parallelle tussen Afrik. en 'n paar Ndl. dialekte genoem word. *Sy flikkers maak*, wat VAN DALE as 'n Afrik. spreekwoordelike gesegde vermeld, kom b. v. ook in die dialek van Antwerpen voor, en onder die spreekwoordelike uitdrukkinge van Goeree en Overflakkee[2]) vind ek nog die volgende interessante parallelle: *Hij is niet door een uil uitgebroed* (blds. 251) = Afrik. *Hy is nie onder 'n volstruis* (*kalkoen, skilpad*) *uitgebroei nie* = *Hy is nie 'n uilskuiken nie* (vgl. STOETT — "Spreekwd." II 1785).

As 't pap regent, moet je de schuttels buten brienge (blds. 252) = Afrik. *As dit pap reën, moet jy skep* (vgl. Ndl. Wdbk. XII 348).

Zijn voeten onder een andermans tafel steken (blds. 254) = Afrik. *Sy voete onder andermans tafel steek*, maar die Ndl. spreekwoord beteken, dat iemand as kneg of meid by 'n ander gaan werk, terwyl die gesegde in Afrik. beteken dat die persoon nie meer die voorregte van die ouerlike woning geniet nie (vgl. Ndl. Wdbk. II 433).

Waar ek my hoofsakelik wens besig te hou met 'n studie van die woordeskat van Afrik., daar kan in 'n enkele paragraaf oor spreekwoorde en spreekwoordelike uitdrukkinge natuurlik nie naar volledigheid gestreef word nie. Aan die ander kant kan ek die spreekwoordeskat van Afrik. nie heeltemal links laat lê nie, want dit behoor tog seker ook tot die taalskat van die Afrik. volk, en boëndien kan die gevoelswaarde, betekenisinhoud en gebruiksfere van allerlei woorde net in hulle spreekwoordelike verband nagevoel word. Op hierdie gebied is ons in Afrik. dan ook nog noueliks aan die begin van wetenskaplike studie gekom. Ek wens hier dan ook net 'n distillering uit die Afrik. spreekwoordeskat te gee, met so'n kort moontlike duiding van hulle betekenisse en die vermoedelike gebruiksfere, waarin hulle ontstaan is.

---

[1]) SCHONKEN het ook daarop gewys, dat Afrik. nes die Ndl. volkstaal nie 'n onderskeid tussen "spreekwoord" en "spreekwoordelike gesegde" maak nie (blds. 60).

[2]) Vgl. F. DEN EERZAMEN — "Spreekwoorden en spreekwoordelike uitdrukkingen, voornamelik van Goeree en Overflakkee" (N. T. XIV 248 vgg.)

(a) **In verband met jag, kommandodiens en trek (vgl. III § 7 (d) i. s. verband met boerebedryf.)**

Agteros kom ook in die kraal (of *juk* = elkeen kry sy beurt).

Dit hotagter (of *opdraend*) *kry* (of *hê* = swaar kry).

Stadig oor die klippers! (= "wees matig, langsaam, versigtig" ens. of "moenie vloek of lieg nie" ens.) = *Briek aandraai* [1]).

Jong osse inspan (= braak).

Noustrop trek = *dit hotagter kry.*

Tou opgooi (= moed opgee, iets in die steek laat, bankrot gaan, doodgaan ens.) = *Die riem afsny.*

Die (voor)tou vat (= die leiding neem).

Die rieme neersit (= vlug).

Die rieme styfloop (= in moeilikheid kom).

'n Orige jukskei (= *'n vyfde wiel aan 'n wa,* ook in Ndl. bekend).

Iemand in die riem laat trap = *Iemand se riem afsny* (= bedrieg) [2]).

Iemand met springteuels ry (= iemand kort hou).

'n Kaapse draai maak (= sierlik of knap ry).

Kop uit trek (= terugtrek).

'n Baken steek (= van 'n perd afval).

Knipmes ry (= windmakerig ry).

So oud as die wapad = *So oud as die Kaapse pad* (= oud, vgl. Ndl. *Zo oud als de weg van Rome* (of *Kralingen*) [3]).

Onder die voorslag deurloop (= nou verbykom).

Vir iemand 'n klip uit die pad rol (= 'n diens of wederdiens aan iemand bewys).

Iemand tromp-op ja (= iemand aan- of vaskeer, soos wild teen 'n geweer).

Hierby kan gevoeg word 'n groot aantal woord- en beeldspraakverbindinge met: *agterryer, agteropskop, dwarstrek, pad, padlangs, perdgerus, spoor, staanspoor, staanplek, vastrap, vat, vervat, jukskei, voorslag* e. a. [4])

Hy het van Koerland (spreekwoordelik bekende lui trekos) *se vleis geëet* (van 'n luiaard gesê), wat Dr. MANSVELT vermeld, is my onbekend.

---

[1]) Vgl. J. J. LE ROUX — "Handleiding", blds. 82.
[2]) Vgl. SCHONKEN — "Oorspr. d. K.-H. Volksoverl." blds, 98,
[3]) Vgl. Dr. F. A STOET — "Spreekwoorden", blds. 515.
[4]) Vgl. SCHONKEN en LE ROUX t. a. p., en III § 7 (d) hierbo.

Dit is bokant my vuurmaakplek (= dit is bokant my verstand, kragte ens.) kan uit jag- of trekervaringe stam, of uit die dierverhale, insonderheid die stories van wolf en jakhals wat gewoonlik by jag- en trektogte sowel as op kommando vertel word, en allesbehalwe tot die kinderkamer beperk is.

Uit die jakhals- en -wolfsieklus stam seker ook: *Jakhals prys sy eie stert* (= Ndl. *eigen lof stinkt*, in Afrik. gewoonlik *eie roem stink*).

Jakhalsdraaie maak (= uitvlugte soek, oneerlik wees, ens.) = *Hy is 'n jakhals* (slu, skelm ens).

Die sieke dra die gesonde (vgl. *die sieke lê in bed en die dooie staan daarvoor*).

Ysterklou in die grond slaan (= laat vat).

Dit is nog maar eerste hoepel (= die voorraad is nog volop).

Dit is nou boomskraapsel (= die voorraad is uitgeput, dit is nou klaar ens.).

Dit is bo my jakhals = dit is bokant my vuurmaakplek, as 'n ekwiwalent waarvan Prof. J. J. SMITH ook nog vermeld: *dit gaan bo my jakhalsband* (my onbekend) [1]).

(b) In verband met die boerebedryf.

Hy is vol draadwerk (of *dinge*, van 'n lastige persoon gesê).

Ek is nes 'n volstruis, waar ek kom, is ek tuis (d. w. s. iemand is met alles tevrede). Ook: *My naam is volstruis* ens.

'n Boer is nes 'n (a)asvoël; as hy gepik het, vlie hy weg (gesê wanneer iemand direk na ete of koffiedrink vertrek).

Daar is baie suurlemoensop onder (d. w. s. die persoon of saak is nie pluis nie).

Dit gaan broekskeur = dit gaan hotagter (*opdraend*).

Kaf loop (d.i. oorweldig, klaarmaak, met sukses beëindig).

Nie al die (speen)varkies in die hok hê nie = nie by sy positiewe wees nie = 'n streep hê.

Jou lyf vet smeer (= klaar maak vir slae, pyn, teenstand ens.)

'n Kafferpak kry (of *gee*, d. i. 'n dugtige pak slae, 'n loesing).

Ryk is veral die aantal spreekwoorde ens. in verband met die wynbou, en met wat daarmee in verband staan, dronkenskap.

---

[1]) Vgl. "Huisgenoot", Junie 1921, blds. 62.

'n Dop steek (= 'n glasie drink). [1])

Dit slaan my dronk (= ek begryp daar niks van nie).

"Hy is dronk", kan o.a. op die volgende maniere uitgedruk word: *hy is hoenderkop; hy is lekkerlyf; hy is lekker; hy is nat; hy is geswawel; hy is getee; hy is vol geselskap; hy is hoog in die takke; hy is hoog met die gat; hy het 'n dop gesteek; hy het in die bottel gekyk; hy het die ellemboog gelig* (vgl. Ndl. *glaswerk naar boven dragen*); [2]) *hy het tiermelk gedrink* (seker deur skerts ontstaan in verband met die jag); *hy meet die straat (pad); hy loop twee rye spore; hy het van Noag se sap gedrink; hy het kromhoutsap gedrink; hy het druiwesop geproe; hy het deur die wingerd geloop; hy het in die son gekyk* ens. ens.... "ad nauseam"!

Omtrent die gebruik van sulke uitdrukkinge teken SCHONKEN aan: "O. K., Nov. 1899, telt ongeveer 90 dergelijke uitdrukkingen op, waarvan de meerderheid — zeer duidelijk — in Zuid-Afrika is ontstaan. Dit is in ieder geval een achtenswaardig aantal voor het jonge en kleine taalgebied, al is het op verre na niet te vergeljken met de 500 welke POLLE (Wie denkt das Volk über die Sprache? blz. 88) vermeldt." [3])

Moet hieruit afgelei word, dat dronkenskap 'n nasionale kwaad is by die Afrik. volk? Hierdie vraag het SCHONKEN op 'n ondubbelsinnige wyse beantwoord: "Wanneer men bijvoorbeeld uit de ontzettende menigte van zegswijzen voor drinken en dronken zijn tot drankzucht onder de blanken mocht besluiten, dan is dit verre van de waarheid ("dronkenschap is hier de meest verafschuwde ondeugd", betuigde KOLB)". [4]) Die meeste uitdrukkinge in verband met dronkenskap in Afrik. stam uit die wyndistrikte van die Kaap Kolonie en moet beskou word as uitinge van die humor en spotlus of die afsku en verontwaardiging van die blanke ten opsigte van die dranksug van die Hottentotte en in enkele gevalle kan die spreekwoordelike gesegdes selfs berus op die oulike ontboeseminge van olike Hottentotte self.

---

[1]) *Dop hou* kan hiermee in verband staan, maar Ndl. ken *in de doppen hebben* as 'n ekwiwalent van *in de gaten hebben* (vgl. STOETT — "Spreekwd." I 163).

[2]) Bekend in studentetaal ens.

[3]) Vgl. "Oorspr. d. K.-H. Volksoverl.", blds. 142.

[4]) Vgl. Id., bldss. 142—143.

(c) **In verband met die huislike lewe.**

Nie by iemand kersvashou nie (d. w. s. iemand se mindere wees).

Dit is nie om die hondjie nie, maar om die halsbandjie = dit is nie om dowe neute nie (ook in Ndl. bekend).

Tussen die hand en die mond val die pap op die grond, miskien 'n omwerking van die Eng. spreekwoord: "*There's many a slip between cup and the lip*".[1])

Lepel in die dak steek (= ophou, moed opgee, doodgaan, vgl. *tou opgooi*).

Sy maters is dood = sy moses is dood (vgl. volgende paragraaf III § 9).

Praat van die ding! (= dit is nou te sê! nou reken! ens.) *O, treurigheid op note* vgl. *psalm velskoen vers vadoek* (II § 2).

'n Belangrike groep van spreekwoorde uit die huislike kringe staan in verband met vryery ens.:

Skapies bymekaar (of *deurmekaar*) *ja* (= trou), en *'n nôi skuinsoor sny* (gesê van 'n hubare meisie)[2]). Verder: *Oor die onderdeur kyk* (gesê van 'n meisie, wat uitkyk naar vryers, en wat deur hulle "*skuinsoor*" of "*stompoor moet gesny word*").

Iemand se hand in die as slaan (d. i. sy meisie afvry, vgl. *koudsit* en *uitsit*, wat waarskynlik in verband staan met die opsitgewoonte).

Dr. MANSVELT het reeds (s. v. *Akkelpienies*) 'n versameling Afrik. ekwiwalente gegee vir: "Hy vry daar", waarvan die volgende hier genoem kan word: (a) (vermoedelik aan die jag ontleen) *hy lê daar aan; hy loer daar; hy maak sy rolplek daar;* (*b*) (deur vergelyking met die diere) *hy draai daar* (soos 'n (a)asvoël); *hy gooi skaapogies* en (c) (varia) *hy soek perde* (of *osse*, as 'n ekskuus om aan te kom en kennis te maak); *hy trap voetpad daar; hy ry daar; hy wil pa sê* en *hy doring daar.* Hierby kan nog o. a. gevoeg word: *hy sleep sy vlerk daar*; *hy hou vir hom wolhaar daar*; *hy hou sy lyf kalkoenhaan daar* ens. ens.

---

[1]) Vgl. Prof. A. FRANCKEN — "Zuid-Afrikaanse spreekwoorden en gezegden" (in "Neerlandia", Sept. 1913, blds. 212 vgg.), oorgedruk in "Brdwg." (1 Nov. 1913, blds. 349 vgg.).

[2]) Vgl. SCHONKEN t. a. p. blds. 96.

(d) **Produkte van humor, spotlus ens.**

Hy sprak g'n sprook (= Ndl. *"zweeg als het graf"*,..... "humoristiese gebruik van het "Hoog"-Hollands", Prof. A. FRANCKEN, t. a. p., vgl. BOEKENOOGEN — "De Zaansche Volkstaal", blds. 982).

Hy is so gemaak en so gelaat staan = *Hy is Saterdag-aand laat klaar gekom* (gesê van 'n sukkelaar).

Hy is maljan onder die hoenders (gesê van 'n enkele manspersoon in die geselskap van 'n aantal dames, en soms humoristies verdraai tot: *Hy is Jan onder die malhoenders*).

Die laaste sien van die blikkantien (miskien ontstaan in verband met die blikaispaaispeletjie of soiets). [1])

Rymlus, soos in: *die laaste sien van die blikkantien*; *tussen die hand en die mond, val die pap op die grond* en *ek is nes 'n* (of *my naam is*) *volstruis, waar ek kom, is ek tuis*, sien ons o. a. ook in: *Ou kalant, lank in die land* en *hy is 'n man van toet, was hy beter, dan was hy goed* e. a.

In: *ek is nie Vermaak se kind nie* (= *ek laat my nie vermaak nie*), moet ons 'n woordspeling op die woord *vermaak sien*, (en vgl. verder: *omgee is hond se kind.*)

Hy het die pot mis gesit (gesê van iemand, wat by 'n eksamen gesak is, en ontleen aan die kinderkamer).

Spottend is: *Sy turf sit* = *sy blus is uit* = *sy twak* (*tabak*) *is nat* = *sy poep is koud* (plat) = *sy gô is uit* = *dit is klaar met Kees* (< Ndl. *Klaar is Kees*) [2]).

Humoristies - eufemisties is: *daar is as op jou toon* (= jou gulp is los); *wie het sy vinger gesny?* (windgelaat); *in dorings* (vuil) *trap* ens.

(e) **Personalia.**

Enkele spreekwoorde staan in verband met (soms newelagtige of legendariese) persoonsname of dank hulle gebruik aan treffende toepassinge van indiwiduele letterkundiges.

Oor: *hy is my moses* (of *Moses?*) en *ek sal hom wys waar Dawid die worteltjies gegrawe het*, ens. handel ek in die volgende paragraaf (III § 9).

"De geheimzinnige Horak", skrywe Prof. FRANCKEN, "is niet eens legendaries. Toch is "Wat sê Horak?" een klassiek spreekwoord geworden" (t. a. p.). Vir die gebruik

[1]) Moontlik ook alleen rymlus.

[2]) *Blus* sal seker in verband staan met Ndl. *blut*, *bluts* vgl. *ik ben blut* (vgl. Ndl. Wdbk. II 2934), en *gô* staan waarskynlik in verband met Eng. *go*.

van die spreekwoord vgl. Dr. MANSVELT (i. v. *Horak*). Legendaries maar newelagtig is die Ferreira van: *vat jou goed en trek Ferreira*! bekend as spreekwoordelike gesegde (= laat vat, laat trap) en as naam en refreinmotief van 'n bekende Afrik. pieknieliedjie [1]).

Histories is: "*alles sal reg kom*", *sê Jan Brand*, en histories verbonde met die naam van Oudpres. F. W. REITZ is die spreekwoordelik geworde vertaling van BURNS se "pleasures are like poppies spread .... you seize the flow'r, its bloom is shed" as: "*plesier is nes 'n jong komkommer, as jy hom pluk, verlep hy sommer*" [2]).

Prof. FANCKEN herinner ook nog aan: "*Ek hou van 'n man, wat sy man kan staan*" (van CELLIERS) en "*my doodkry is min*" (van TOTIUS) — gevleuelde woorde, wat reeds spreekwoordelik geword het.

Met die samevattende oordeel van Prof. FRANCKEN kan ek die enkele opmerkings oor die Afrik. spreekwoordeskat en vir 'n deel ook my studie oor die Afrik. eiegoed afsluit. „Het aantal oorspronkelik Afrikaanse spreekwoorden", sê hy, „is legio en elke dag komen er nog weer nieuwe bij. Weelderig is dan ook de groeikracht van het Afrikaans — degenen, die het een „arm taaltje" noemen, moeten maar eens aantekening houden van wat ze zo al kunnen horen, als ze de kunst van luisteren verstaan. Ik wil niet zeggen, dat al dat oor-Afrikaans materiaal even wijd verbreid is — *veel er van is lokaal* soms misschien beperkt tot één enkele familie. *Maar zelfs dan nog blijft het van belang voor degenen, die het wezen van de levende taal willen doorgronden in verband met het volksleven en het volkskarakter*" („Neerlandia", Sept. 1913, blds. 213. Kursivering van my).

---

§ 9. **Volksetimologie en volksvernuf.**

Met die Afrik. volk is sedert die middel van die 17e eeu gebeur, wat met die Ndl. volk van die 17e eeu gebeur is: die volk het in aanraking gekom met ander volke en ander tale. Deur die uitbreiding van die Kolonie is die koloniste

---

[1]) Vgl. BOSHOFF-DU PLESSIS = "Afrik. Volksliedjies", I blds. 33 vgg.
[2]) Vgl. Id. II blds. 167—8.

mettertyd al meer en meer in aanraking gekom met verskillende Hottentotstamme, ook met die Boesmans, en van die twede helfte van die 18e eeu af met die Kaffers. Van die end van die 18e eeu af het die koloniste tydelik en van 1807 af permanent met 'n Eng. bevolkingselement in aanraking gekom. En tot 'n ruim kwart eeu na die twede Eng. inbesitneming van die Kolonie was die koloniste nog slawe-eienaars, besitters van slawe uit Afrika en Asië herkomstig.

Dat ten gevolge van sulke aanrakinge en verhoudinge allerlei vreemde woorde in die taal van die Afrik. stamouers moes opgeneem word, is vanselfsprekend. Daaroor handel ek in die volgende hoofstuk.

Maar lang nie alle vreemde woorde is in hulle vreemde vorme en betekenisse opgeneem nie. Dikwels is die vreemde leengoed heeltemal genasionaliseer geword, nes die 17e eeuse seelui van verskillende vreemde woorde skynbaar selfstandige samestellinge gevorm het, b.v. *hangmat, kaalkop halfkoord* e. a. 'n Sodanige vervorming van vreemde woorde is veral onder die volksklasse geliefd, en het van W. Förstemann die naam van "volksetimologie" gekry. [1]) By 'n gelykvloerse maatskappy met min of meer identieke belange, soos die Afrik. gemeenskap in die periode 1657—1807 ongetwyfeld was, en gedeeltelik nog is, moes sulke volksvervorminge maklik algemene gangbaarheid verkry het.

Maar sulke volksetimologieë strek hulle nie alleen tot die leengoed uit nie, maar ook tot die erfgoed, wanneer dié argaïsties geword is en nie meer begryp word nie. Dan moet ons in die volksetimologie 'n poging sien van die volksgemeenskap om te verklaar wat nog nie of nie meer verstaan word nie. Die volksetimologiese vervorminge van argaïstiese en vreemde woorde sal dus die gevolg wees van verduistering of duisterheid van die etimologieë van sulke argaïstiese en vreemde woorde, of van toevallige gedeeltelike homonimiteit of van betekenisassosiasie en bygedagte. Al sulke gevalle kan ons dek met die psigologiese begrip "appersepsie" in die sin van 'n aanpassing van wat vreemd, onbekend en onverstaanbaar is by die bekende (in klank, betekenis ens.). Sulke appersepsieprosesse is groteliks spontaan en onbewus.

[1]) Vgl. Dr. J. te Winkel — "Inleid. tot de Gesch. d. Ndl. Taal", blds. 280.

Maar daar is ook 'n meer opsettelike en sporadiese soort van volksvervorminge, wat veral eiename en bastervloeke geld. Daar eiename so goed as alle betekenisinhoud, of wat BRADLEY miskien sou noem "emotional connotation", verloor het, vorm hulle een van die mees geliefde voorwerpe van die volkshumor, terwyl by bastervloeke die hoofmotief vir vervorming in die eufemisme moet gesoek word.[1]) Sulke gevalle van bewuste volksvervorminge kan ons dek met die term "volksvernuf",[2]) hoewel dit duidelik is dat sulke vervorminge dikwels onbewus en onopsettelik is in die mond van die jonger geslagte, wat die klaargemaakte vernufspelinge oorerf. Die produkte van volksetimologie en volksvernuf kan dus moeilik geskei word: die skeidslyn sal vir verskillende persone en klasse van persone verskillend uitval.

Behoor die produkte van die volksetimologie en die volksvernuf tuis by die erfgoed of by die leengoed? Vir sover die erfgoed en die leengoed daartoe aanleiding gegee het, miskien wel by altwee; maar ek sien daarin 'n brug tussen die oue en die nuwe en 'n produk van die wyse, waarop die volksgees op die milieu, in die wydste sin verstaan, gereageer het. Hierdie opvatting verklaar beide die wyse van my behandeling van die resultate van die volksvernuf en volksetimologie en die besondere plaas, wat ek daaraan toegeken het by die Afrik. eiegoed.

Welbekend is die Afrik. vervorminge van Bybelname, soos *Saalsak*, *Meelsak*, *Appel-(in-die)-een-oog* vir *Sadrag*, *Mesag* en *Abednego* (vgl. Daniël 1 : 7).

Hierby sluit aan die vervorminge van die name van historiese persone in die Afrik. geskiedenis: *Theophilus Shepstone* word *Duiwel-se-slypsteen* of *Die-ou-vuilis-slypsteen*, *Owen Lanyon* word *Ouwyn Langjan* (persone uit die Eerste Vryheidsoorlog bekend); *Redvers Buller* word *Rooiversbul* en *Kitchener van Kandahar* word *Kitchener van Kandaar* („maar nie van *Kanhier* nie", voeg die volksvernuf daarby). Laasgenoemde twee persone is eers uit die tyd van die Twede Vryheidsoorlog bekend en van nog later datum is die vervorminge van *Gladstone* tot *Gladsteen* en van *Buxton* tot *Baksteen*. Uit die tyd van die Boere-Oorlog (1899—1902) stam ook vervorminge soos

---

[1]) Die meeste Afrik. bastervloeke skyn oorgeërf te wees, vgl. o. a. II § 3.
[2]) Vgl. Dr. J. TE WINKEL — "Gesch. d. Ndl. Taal", blds. 187.

Martjie Louw (< *Martial Law*), *Rypatrys*, *Gryspatrys* of *Driepatrys* (< *Repatriation*), *orreltjie* (< *orderly*) en *neusbek* (< *nosebag*), en uit die tyd van die wêreldoorlog (1914) ook *Trippelmerrie* (< *Tipperary*), *Bol(le)makiesie* (< *Bolsheviki*) en *Spaansvlieg* of *Spaanse grief* (< *Spaanse griep*) of *Spaanse vlooi* (< Eng. *Spanish flue*).

Die laasgenoemde voorbeelde is natuurlik heeltemal resent, en kom tot nog toe alleen min of meer sporadies voor, sodat die tyd nog sal moet leer of hulle tot die blywende spraakgebruik sal behoor. Deur verbeterde volksonderwys sal natuurlik op die duur ook sulke vervorminge as *Rooiversbul* c. s. in die vergeetboek raak.

Sporadies en gelokaliseerd is vervorminge van persoonsname soos *Clayton* tot *Kleitoon*, *Underhay* tot *Indraai*, *Culverwell* tot *Kalwervel* ens. en van plekname soos *Spes Bona* tot *Spek-en-bone* en *Vincennes* tot *Windsenings*. Hierby behoor die spotlustige vervorminge van die benaminge van kerkelike sektes, soos *Krisjan Kaiings* (< *Christian Science*), *Pistoolse Broeders* (< *Apostoliese Broeders*) en van die name van leervakke deur skoolkinders, soos *Jokrivier* (< *Geography*) en *Vieslike Jokrivier* (< *Physical Geography*).

Vervorminge soos *Jokrivier*, *Vieslike Jokrivier*, *Dikstert-merrie* (< *Dictionary*), *Martjie Louw*, *gryspatrys* e. a. het vir my 'n kultuurhistoriese waarde: hulle getuig van die taalmedium van onderwys en die hoek, vanwaar oorlog en krygswet naar Suid-Afrika aangewaai is.

Min of meer opsettelike vervorminge, waarvan party meer algemeen bekend is as ander, is: (a) name van medisyne en ander sulke fabriekmatige produkte: *kosmyniks* (< *cosmetique*), *Jan-Flip-se-olie* (< *Eucalyptus olie*), *settelaarspoeiers* (< *Seidlitz poeiers*), *pynkelder* (< *painkiller*), *godliewerolie* (< *Codliver oil*), *samboksalf* (< *zambuk*), *olie kolonie* (< *eau de Cologne*) e. a. [1]); (b) name van siektes: *duisendtree* (< *dysentry*), *pens-en-katjies* (< *appendicitis*), *bromkatjies* (< *bronchitis*); (c) name van gefabriseerde instrumente ens.: *baiesukkel* (< *bicycle*), *modderkar* (< *motor car*); (d) name van ingevoerde plante en plantkundige produkte: *witstippelmerrie* (< *vegetable marrow*), *ellie-roos* (< *early rose*, ertappelsoort), *blik-* en *silwerwortelboom* (< *black* en *silwer*

---

[1]) Louis Trigardt skrywe in sy "Dagboek" (blds. 164) selfs van *oude Kolonie*, (t. a. p. ook van *Gloversouijt* vir *Glaubersout*).

wattle), *smeerlapvye* (<*Smirna vye*) en *blou-hermaans* (<*blanc mange*, van *Maizena* gemaak) ens.

Ek erken, dat 'n groot persentasie — die oorgrote meerderheid — van hierdie voorbeelde baie beperk is in gebruik, en dat hulle selfs dan nog meesal in die taal van onontwikkelde persone voorkom. Maar selfs dan nog bly hulle, om met Prof. FRANCKEN te spreek, "van belang voor degenen, die het wezen van de levende taal willen doorgronden in verband met het volksleven en het volkskarakter". Vertel hulle ons nie baie omtrent die handelsbetrekkinge, huisapteek, huisdokters en volksgeneeskunde van die Afrikaners nie?

Hier kan enige voorbeelde gegee word van vervorminge, wat hoofsakelik in bepaalde groeptale voorkom: (a) uit die taal van aanstaande lidmate van die Kerk: *katteskeer* (<*katkiseer*), *katfesante* (<*katkisante*) ens.; (b) uit die taal van messelaars: *rofkas* (<*rough cast*); (c) van spoorwerkers: *kothuis* (<*cottage*); (d) van mynwerkers en delwers: (*al*)-*praatjies* (<*iron pyrites*, vgl. PETTMAN—"Africanderisms "blds. 28), *baby* (<naam van uitvinder van die bepaalde diamantwasmasien, *Babe*, vgl. "Africanderisms" bld. 41, ook goed onder Afrik. delwers bekend), (e) van kleurlinge: *malkroon* of *merrie-korhaan* (<*merry-go-round*) ens.

Die volgende word hoofsakelik met komiese bedoelinge gebruik: (a) woorde soos: *Piet Louw* (<*pillow*), *karkis* (<*carcase*), *kussing* (<*cousin*), *kouehart* (<*coward*) en (b) uitdrukkinge soos: *wie se kous lê daar?* (<*who goes there?* in verband met die kommandodiens), *die binnevet van die boud* (<*the benefit of the doubt*) e.a.[1])

Op die volksetimologieë *kapatertjie*, *nonnatjie*, *vosse* ens. in verskillende oorgeërfde volksliedjies het ek reeds gewys (vgl. II § 3). Waarskynlik moet ons oorgeërfde volksetimologieë sien in: *versier* (vgl. ook *vermeer*), *koperkapel* e.a.

In 'n aantal gevalle is dit moeilik om uit te maak of ons met volksetimologieë te doen het of met suiwer fonetiese kwessies, met dialektiese wisselvorme ens. In enkele daarvan lyk die eerste moontlikheid my waarskynliker, in ander die twede[2]): *akkerdis* (*hagedis*), *spinnerak* (*spinrag*), *katswink* (*katzwijm*), *koorsteen* (naas *skoorsteen*), *steeks*

[1]) Vir enkele hiervan vgl. Dr. E. C. PIENAAR — "Taal en Poësie van die Twede Afrikaanse-Taalbeweging" blds. 6—7.

[2]) Vir verskillende daarvan vgl. Dr. T. H. LE ROUX — "Beschr. Klankl. v. h. Afrik.", blds. 116 vgg.

(*steegs*), *tweespalk* (*tweespalt*), *weerluis* (naas *weeluis*, *weegluis*,) *liddoring* (*likdoorn*), *balhorig* (*balorig*, waarskynlik so oorgeërf), *kurk* (*kruk*, dialekties?), *nastergal* (naas *nagskaal*, *nagskade*), *waterkos* en *bromkos* (naas *waterkors*, *bronkors*), *bromgras* (*brongras*), *janloers* (*jaloers*, vgl. hiermee die spreekwoordelike gesegde: *Jantjie se baadjie aanhê* = jaloers wees) ens.

Ook by 'n paar woorde van twyfelagtige herkoms kan ons met volksetimologieë te doen hê, b.v.: *mebos* (wat die afleiding van die woord ook al mag wees, vgl. PETTMAN-"Africanderisms", blds. 314), *Jan Bruin* (naam van 'n vissoort, deur PETTMAN blds. 493 afgelei van Mal. *tambra* of *tambarah*) en *oudak* ('n padda, deur PETTMAN bld. 353 afgelei van Mal. *katak*, *kadok*). Hierdie laaste twee afleidinge lyk my in elk geval baie onseker. 'n Mens sou in *oudak* dan nog eerder aan klanknabootsing dink (vgl. III § 7 (b)). Of 'n mens kan in *oudak* dieselfde tiepe van woordvorming sien as in *ou Sanna* en dit op een lyn stel met *Platanna*[1]), tensy PETTMAN se afleiding van die laaste woord uit *plathander* juis is. Maar dan kan *platanna* en *oudak* altwee ook volksetimologieë wees.

Ek het reeds daarop gewys, dat spreekwoordelike uitdrukkinge aan die seemanstaal ontleen, soos: *in iemand se vaarwater kom* en *iemand van bakboord naar stuurboord stuur* in Afrik. sporadies vervorm word tot: *in iemand se vaalwater kom* en *iemand van Bakpoort naar Stuurpoort stuur* (vgl. II § 5). So'n vervorming van 'n spreekwoordelike gesegde is ook: *op die ou traan* i. p. v. *op die ou trant.* Dit is ook gebeur met woorde en uitdrukkinge van vreemde herkoms, vgl. die uitdrukking: *Hy is my moses* (II § 2) [2]). So is die uitdrukking: *so waar as vet* seker 'n volksetimologiese vervorming van Eng.: *as sure as fate*, en in *reisies ja* (Eng. *races*) en *disnis loop* (Eng. *distance*, *outdistance* ens.) moet ons seker bygedagte aan *ry* en *dis niks* sien [3]).

[1]) Vgl. Prof. J. J. SMITH — "Africanderisms", blds. 399 van die „Brdwg." van 1 Des. 1913.

[2]) Ek kan daarin g'n Bybeltoespeling sien nie, nog enige verband met die Ndl. spreekwoord: *Mozes en de profeten hebben* (vgl. Dr. F. A. STOETT — "Spreekwoorden", blds. 468). Prof. FRANCKEN dink egter aan Eng. herkoms (vgl. "Neerlandia", Sept. 1913, blds. 213).

[3]) Vgl. Prof. C. G. N. DE VOOYS — "Een principiële opmerking bij het etymologiseren van spreekwoordelike uitdrukkingen" (N. T. IX).

'n Eienaardige spreekwoord in Afrik. is: *Hy weet waar Dawid die wortel(s)* (of *worteltjies*) *gegrawe het* (= Ndl. *weten waar Abraham den mosterd haalt*, vgl. Dr. F. A. STOETT — "Spreekwoorden", blds. 15 vgg.) [1]). Die oorsprong van hierdie spreekwoord in Afrik. is net so duister as die herkoms van die Ndl. gesegde.

Maar SCHONKEN het m. i. tereg hierdie gesegde in verband gebring met die inheemse plantnaam *dawidswortel-tjies* of *dawetjies* ("Oorspr. d. K.—H. Volksoverl. blds. 122); 'n nader aanduiding van die oorsprong van die segswyse het hy ons egter nie gegee nie. Persoonlik sien ek in *dawidswortel-tjies* 'n volksetimologiese vervorming van die Hott. woord *dawéb* ("Dawébusch", KROENLEIN). Dan kan die volksetimologie ook verantwoordelik wees vir die spreekwoord: by *dawidswortel* is aan 'n persoon *Dawid* gedink, en deur die volksverbeelding word die denkbeeldige persoon skertsenderwyse voorgestel as 'n grawer van die wortels (vgl. *Jantjie se baadjie aanhê* by *ja(n)loers wees*) [2]). Miskien kan 'n aanleiding vir die personifikasie gesien word in die deur Prof. STOETT aangehaalde Deense parallel van die Ndl. gesegde n. l.: *han veed, hvor David henter Oellet.* Ons het gesien, dat onder die gemengde groep van Afrik. stamouers (d. i. die $5^1/_2$ persent groep, vgl. I § 3 (a)) die Skandinawiërs 'n belangrike element gevorm het, en moontlik was dié gesegde (uit BRESEMAN's — "Deutsch-Dänischer Parleur", blds. 264, opgeteken) ook in Holstein en Noord-Duitsland bekend. Die Afrik. spreekwoord bevestig m. i. dus Prof. STOETT se verklaring van: *weten waar Abraham den mosterd haalt*, en omgekeerd vind my opvattting van die oorsprong van die Afrik. gesegde steun in genoemde verklaring en in die aangehaalde Deense ekwiwalent, as ons daarby rekening hou met die moontlike volksetimologiese herkoms van *dawidswortel-tjies* of *dawetjies*, 'n bekende Hottentotgeneesmiddel (vgl. PETTMAN — "Africanderisms" en MARLOTH — "The Common Names of Plants", beide s. v. *davidjes*). As hierdie verklaring juis is, dan het die studie van die volksetimologie en die volksvernuf daarom alleen al vir ons 'n besondere kultuurhistoriese waarde.

---

1) Verder ook: *Ek sal hom wys waar Dawid die wortel(s) gegrawe het.*

2) Uit *janloers* word 'n persoon, *Jantjie*, gefantaseer, en uit *vermaak* (= verleë maak) die naam *Vermaak* ('n bekende Afrik. familienaam) in: *Ek is nie Vermaak se kind nie.*